


DIE VIERDE SEËL

 Goeienaand. Ons buig nou net 'n oomblik ons hoofde, vir gebed.

² Ons Genadige en Hemelse Vader, ons nader U nou weer vanaand, in die Naam van die Here Jesus, om U dank te bring vir nog 'n dag. En ons vra nou U seëninge op die diens vanaand. Laat die Heilige Gees kom en ons die interpretasie gee van hierdie dinge wat ons so nougeset soek. O God, mag dit so kosbaar wees, dat ons almal so rondom die Woord gemeenskap kan hou, dat ons sal kan sê, as ons weggaan: “Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons op die pad gepraat het nie?” Ons dank U vir wat Hy vir ons was, en vertrou dat Hy by ons sal bly soos ons voortreis, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

³ So bly om weer vanaand terug te wees in die huis van die Here, in die diens! En ons is bly. Ek is so gelukkig dat . . .

⁴ Het net gedink dat hierdie Een nie sou kom nie, maar Dit het uiteindelik. En so ek is so dankbaar, aangesien dit die laaste van daardie vier perderuiters is, wat ek dink een van die hoof Boodskappe is aan die Kerk in hierdie tyd.

⁵ Ek weet nie wat die ander Een is nie. Ek vat dit net van dag tot dag, net soos Hy Dit openbaar. Ek probeer om—om Dit te gee, deur . . . soos Hy Dit vir my gee.

⁶ Geniet julle die—die seëning? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Het julle opgelet hoe Dit net, in samewerking met daardie kerkeue, net hoe Dit net presies net so perfek by hulle inpas? Dis hoe dit . . . Vir my, wys dit dat dit—dit dieselfde Heilige Gees is wat die kerkeue gegee het, dieselfde Heilige Gees wat dan Hierdie gee, julle sien, want dis ineengeweef; alles een groot daad van God, wat Homself op verskillende maniere tentoonstel.

⁷ Julle let op, toe Hy Homself aan Daniël getoon het, in die visioene, sou daar 'n voorstelling van een ding wees, soos 'n—'n bok op hierdie plek, of miskien 'n boom; en die volgende plek sou dit 'n standbeeld wees. En—en—en dinge wat Hy gedoen het, om dit te maak, die heelyd dieselfde ding, net om seker te wees dat ons dit nie mis nie.

⁸ Nou, ek is beslis aangegryp net 'n paar oomblikke gelede, toe ek gepraat het met 'n klein dametjie wat hier sit, omtrent vyf-en-tagtig jaar oud. En sy . . .

⁹ Onlangs, net voor ek weg is om na die weste te gaan, wel, was daar 'n—'n dogtertjie bo in Ohio, wat, so dink ek, wat sterwend was met die laaste stadium van leukemie. Nou, leukemie is kanker in die bloedstroom. En, o, die kleinding was, julle weet, in so 'n aaklige toestand, dat daar glad nie meer enige hoop vir

haar was nie. Hulle het haar deur die are gevoed, die operasie. En so, hulle was 'n baie arm familie. En hulle . . .

¹⁰ Mev. Kidd, hier, en Broer Kidd, hulle het vir hulle vertel van die Here wat soveel gebed verhoor. En hulle het bymekaargekom, dink ek, en iemand gehuur, en die dogtertjie hiernatoe gebring. En sy was 'n baie mooi ou dogtertjie, omtrent, o, ses, sewe jaar oud. [’n Suster sê: “Nege jaar.”—Red.] Nege jaar. En—en sy was daaragter in die kamer. En die . . .

¹¹ En toe ons voor die Here gegaan het, het die Heilige Gees ’n woord vir haar gegee. En hulle moet haar vat, en moet haar vat en haar voed, julle weet, op daardie manier. En toe sy weg is, het sy gehuil om ’n hamburger te kry, en, so, haar kos deur die mond in te neem. En hulle het vir haar die hamburger gegee, en net voortgegaan om haar gewoonweg kos te gee.

¹² In ’n kort tydjie, ’n paar dae, het hulle haar na die dokter toe teruggevat. En hulle . . . Die dokter kon eenvoudig net nie verstaan nie. Hy het gesê: “Asof dit nie is, nie eens dieselfde dogtertjie is nie.” Hy het gesê: “Wel, daar—daar is nie eens ’n spoor van leukemie daarin nie, nêrens nie, glad nêrens nie.” So, en, sy was sterwend. Hulle het haar al klaar opgegee; haar net deur haar are gevoed. Sy het alreeds geel geraak. Julle weet hoe hulle word. En so hulle het . . . En nou is sy op skool, speel met die ander kinders, net so gelukkig as kan kom.

¹³ Herinner my aan ’n ander geval daarvan. Eendag, ek het pas tuisgekom, daar was ’n . . . As ek dit nie mis het nie, was hulle óf Anglikaanse óf Presbiteriaanse mense, wat ’n dogtertjie van Kansas af gebring het. En die dokters het haar opgegee, met leukemie. En hulle het haar, ek dink, vier dae gegee om te lewe; so siek was sy al gewees. So hulle het gesê hulle sou net dié vier dae gebruik om hiernatoe te kom, deur die sneeustorms en dinge, dwarsoor die land, om vir haar te laat bid. En die oupa, ’n baie agtermekaar, ouerige man, grys-hare.

¹⁴ En hulle het haar alreeds vir twee dae, hier in ’n motelletjie gehad. Ek—ek skat dit staan nie nou daar nie, duskant Silver Creek. En so is ek daardie nag soontoe om vir haar te bid. Dit was vroeg in die oggend. Ek het daardie nag ingekom, was uitstedig, en soontoe gegaan. En die ouerige vader . . . oupa het op-en-af gestap. En, die moeder, het die kind probeer versorg.

¹⁵ En terwyl ek neergekniel het om te bid, het die Heilige Gees ’n geheim tussen die—die moeder en die vader, aan my geopenbaar, van iets wat hulle gedoen het. Ek het hulle eenkant toe geroep en hulle daarvoor uitgevra. Hulle het begin huil, gesê: “Dis reg.”

¹⁶ Toe het ek teruggekyk, en ek het die dogtertjie sien touspring, aangaan, speel. En nou is die kindjie . . . Omtrent drie weke daarna, het hulle vir my die foto van die dogtertjie gestuur, terug

op skool, besig om tou te spring, en glad geen leukemie meer gehad nie.

¹⁷ Nou, nou, daardie getuienisse is absoluut bona fide waarheid, sien. So, ons God is so werklik, julle sien. Ons dien Hom net en—en glo Hom. En—en ek—ek weet Hy is werklik.

¹⁸ Nou, ek probeer nou my bes, en terwyl iets, innerlik, onder ons, Sy weg deurwerk. En nou gaan ons vanaand, deur die genade van God, probeer om hierdie Vierde Seël te neem, en te kyk wat die Heilige Gees vir ons, Daarin, wil sê.

¹⁹ Ek gaan nou die—die Openbaring lees, die 6de hoofstuk, en vanaf die 7de vers; 7de en 8ste. Daar's altyd twee verse; die eerste is die aankondiging, en die tweede vers is wat hy gesien het.

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde—vierde lewende wese sê, Kom kyk.

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd: en hy wat daarop sit, (wat sit), sy naam is die Dood, en die Doderyk het hom . . . gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vier dele van die aarde, om dood te maak met die swaard, en hongersnood, en pes, en deur . . . wilde diere van die aarde.

²⁰ Nou, die Here help ons nou om Dit te verstaan. Dis 'n verborgenheid.

²¹ Nou, net 'n bietjie voorskou, om aan te vul, soos ons met die kerkeue gedoen het, met hierdie ruiters en die breek van dié Seëls. Nou, sodat ons dit net in ons gemoed kry, 'n bietjie gesels totdat ons voel dit is die geskikte tyd om te praat.

²² Nou, ons het nou opgelet, dat, die breek van die Seëls, dis die verseëldde Boek van Verlossing. En dan is die Boek opgerol soos 'n boekrol, net soos die ou manier was.

²³ [Broer Branham illustreer die rol en verseël van 'n boekrol, deur middel van velle papier—Red.] Dit was nie 'n boek van hierdie tipe nie; want dié het maar onlangs ingekom, hierdie soort boeke, in die laaste, o, ek skat honderd-en-vyftig jaar, of iets, tweehonderd. En dan sou hulle dit oprol, dan die end los laat bly. Soos ek julle vertel het hoe dit gedoen is, en Skrifte, waar om dit te kry, en in Jeremia, ensovoorts. Dan is die volgende daar rondom gerol, dan is die end los laat bly, en dit so.

²⁴ En elkeen was 'n Seël. En dit was 'n sewe-verseëldde Boek, en dit was 'n . . . Geeneen . . . Toe hulle was . . . Dit was die sewe-verseëldde Boek van Verlossing. Verskoon my.

²⁵ En, toe, was niemand in die Hemel of op aarde, of onder die aarde, waardig om Dit oop te maak of selfs Daarna te kyk nie. En Johannes het geween, omdat hy niemand kon vind nie . . . Want, as daardie Boek nie uit die hand van die oorspronklike Eienaar geneem is nie . . . Waar, Dit is deur Adam en Eva verloor, en het

teruggegaan, nadat hulle hulle regte van die Woord verbeur het, die beloftes, hulle erfenis.

²⁶ Hulle, onthou, hulle het die aarde beheer. Hy was 'n—hy was 'n amateur god, want hy was 'n seun van God. En 'n seun van God is 'n—'n—'n amateur god. Nou, dis nie teenstrydig met die Skrif nie. Ek weet dit klink vreemd.

²⁷ Maar Jesus het gesê: “As julle hulle noem, na wie die Woord van God gekom het . . .” En na wie toe kom die Woord van God? [Gemeente sê: “Profete.”—Red.] Die profete. “As julle hulle, na wie die Woord van God gekom het, ‘gode’ noem, hoe kan julle My veroordeel as Ek sê Ek is die Seun van God?” Sien?

En, nou, hulle was gode.

²⁸ En 'n mens, as jy in die familie met jou van gebore word, is jy 'n seun, en deel van jou vader.

²⁹ En toe—toe, toe sonde ingekom het, het ons uitgevind dat die mens die kloof oorgesteek het. En—en die bloed van stiere en bokke, het bedek, maar het nie uitgegee nie. Totdat, die ware Bleikmiddel gekom het, wat die vlek van sonde kon neem en dit volkome in stukke breek, en dit kon terugstuur op sy oorspronklike verdraaier, wat Satan is.

³⁰ As dit terugkom by Satan, wag hy sy tyd van Ewige uitwissing af. Nou, dit wys wat ons glo. Ons glo dat hy absoluut volkome mee weggedoen en vernietig sal word.

³¹ Ek glo dat sonde opgebreek sal word. En wanneer dit bely word, op die basis van die Bloed van Jesus Christus, is dit soos om 'n druppel swart ink in 'n klomp Clorox-bleikmiddel te gooi. Dit breek dit net op in die chemikalieë, en stuur dit reguit terug na waar dit vandaan gekom het. Sien? En dis wat die Bloed van Jesus Christus doen.

³² Dan, plaas dit 'n mens weer oor die kloof, as 'n seun van God. Sien? En dan word hy—dan word hy 'n—'n . . . Wel, selfs hy . . . Die skeppende krag van God is in hom. En, ten minste, wanneer God ook al kan beveel dat dit gedoen word, sal dit gedoen word. En ons kom terug. Dat wanneer die—die . . .

³³ Moses, onder die bloed van stiere; en toe hy daardie Lig, die Vuurkolom in daardie brandende bos ontmoet het. En hy het daaronder gestaan, met 'n opdrag wat God hom gegee het. En hy was 'n profeet. En toe die Woord van die Here na hom toe gekom het, het hy gepraat, en daar is selfs goed geskep deur die Woord. Sien?

³⁴ Nou, as dit dit daar, onder die bloed van stiere, sal doen, wat van die Bloed van Jesus? Het nie net bedek nie; maar het dit geheel en al uitgegee. En jy staan in die Teenwoordigheid van God, as 'n verlore seun. Nou, sien, die Kerk is ver anderkant sy lewensstandaard. En ek dink, te veel male, bedel ons kos in plaas van werklik uit te kom en die saak aan te pak.

Ek het iets wat ek wil sê, en ek—ek sal op sy tyd.

³⁵ En let nou op dat daar iets verkeerd is êrens in die kerke. En ek dink dit is die denominasionele stelsels wat die mense se gemoedere verdraai het, ensovoorts, totdat hulle nie weet hoe om dit te doen nie. Dis reg.

³⁶ Maar ons is belowe dat Dit geopenbaar sou word. En nou is daar Sewe Seëls waarmee hierdie Boek verseël is. En nou daardie Sewe Seëls . . .

³⁷ En dan vind ons, nadat hierdie Sewe Seëls voltooi is, in Openbaring 10, dat daar sewe verborge Donderslae was wat Johannes beveel is om te skryf, maar toe verbied is om hulle te skryf. En teen die tyd van daardie Donderslae, vind ons Christus, of: “Die Engel het neergedaal met ’n reënboog, en het Sy voete op die land en see gesit, en gesweer dat die tyd uitgeloop het, teen daardie tyd.”

³⁸ En dan vind—vind ons uit, dat in die openbaring van die Seëls, dat die—die Lam Sy middelaarswerk as ’n Middelaar verlaat het, en nou na vore gekom het om nou Sy regte op te eis, alles wat Hy losgekoop het deur Sy dood.

³⁹ En toe kon niemand die Boek oopmaak nie. Niemand het Dit verstaan nie. Dit was ’n Boek van Verlossing. En God die Vader, Gees, het Dit in Sy hand gehad, want Christus was by die Troon as ’n Middelaar, die enigste Middelaar. Daarom, kon daar geen heilige, geen Maria, geen Josef, niks anders, op daardie altaar wees nie, want dit was Bloed. En slegs die Bloed van Jesus kon die versoening doen, so niks anders kon staan as ’n Middelaar nie. Dis reg. Daar was niks anders nie.

⁴⁰ So hierdie hele idee van bemiddeling met Judas vir politiek, en bemiddeling met Sint Cecilia vir iets anders, dis onsin. Dis nie . . . Ek—ek sê nie daardie mense is nie eerlik en opreg nie. Ek sê nie jy is nie opreg in die doen van, as jy dit doen nie. Maar, jy’s verkeerd, jy’s—jy’s opreg verkeerd. En enigtiets . . .

⁴¹ Hulle sê: “Wel, hierdie—hierdie Engel, dit—dit het aan Sint Bonifer verskyn, en *dit*, *dat* en die *ander* gesê. En hulle behoort *dit* te sê.” Ek twyfel glad nie, in my gemoed, dat iemand die visioen gesien het nie. Ek—ek twyfel nie dat Joseph Smith die visioen gesien het nie, maar dit was nie volgens die res van die Woord nie. So daarom, vir my, is dit verkeerd. Sien? Dit moet met die res van die Woord kom.

⁴² Dis so met die kerkeue, en Seëls, en al die res Daarvan. En as enigeen dink hy het daardie Sewe Donderslae, as dit nie met die res van die Woord ooreenstem nie, is daar iets verkeerd. Sien? Dit moet SO SPREEK DIE HERE kom, want *Hierdie* is die Boek. *Dit* is die Openbaring van Jesus Christus, in Sy geheel.

Nou, ek—ek glo dan dat die Lam na vore gekom het.

43 Hulle het nie geweet nie. Johannes het geweene. Hy kon niemand in die Hemel, op aarde, vind nie, want almal was anderkant die kloof, sien, sonde. Daar was niemand. . . En 'n Engel, natuurlik, Hy sou waardig wees, maar, uiteindelik, moes dit 'n Bloedverwant wees. Dit moes menslike wese wees. En daar was glad nie so-iets nie, want elke mens is deur seks gebore.

44 Moes vir Hom Een neem wat daarsonder gebore is. So God Self het dit geneem, in die maagdelike geboorte, en het Immánuel geword. Sy Bloed was, wel, die Een wat waardig was. Toe, toe Hy hierdie kloof oorgesteek het, Self, en die prys betaal, en die pad oorbrug het vir die res van ons, toe het Hy gaan sit, om Middelaar te wees. En Hy sit nog daar.

45 En die Boek was in werklikheid, al daardie tyd geslote. Dis daar, maar Dit is steeds in simbole. Hulle het Dit gesien. Johannes het Dit selfs gesien. Die aankondiging, toe die eerste na vore gekom het, het hy gesê: “'n Wit perd het uitgegaan; hy het 'n ruiters op hom gehad; het 'n boog in sy hand gehad.” Dis 'n simbool. Dit is nie geopenbaar nie. Nee. Dis net 'n simbool. En, wat enige mens op die aarde betref, is dit al wat hy kon sê. Dis reg. Hy kon struikel en steier, sonder twyfel, *hier* of *daar* êrens tref, en na 'n ruk.

46 Maar ons vind dan uit, dat in die Boek van die Openbaring: “By die sewende engel se Boodschap, sou die verborgenhede (al die verborgenhede Daarvan) alreeds teen daardie tyd geopenbaar word.” Nou, dit is Openbaring 10:1-7, dat Dit geopenbaar sou word volgens daardie tyd, teen daardie tyd toe Hy het.

47 Toe het die Sewe Donderslae hulle vreemde stemme geuiter, en Johannes wou skryf. Maar, Johannes het geweet wat Dit was, maar hy—hy het Dit nie geskrywe nie, want hy is verbied om Dit te skryf. Dis absoluut, en algeheel, 'n verborgenheid. Dis nie eens in simbool of iets nie. Ons weet net Hy. . . Dit het gedonder, dis al.

48 En nou by die bestudeer hiervan nou, moenie vergeet nie, nou, Sondag, of Sondagoggend, het ons die genesingsdiens uitgelaat omdat ons die antwoorde op die—op die mense se vrae gehad het. Nou, ek wil hê jy moet 'n vraag oor hierdie Sewe Seëls hê, as dit jou pla, iets wat jy nie verstaan nie. Laat ons dit kry, oor die Sewe Seëls. Dan kan ek, teen Saterdagavond, sê of dit genoeg is om—om hulle te antwoord, of nie, julle sien. En dan sommer nou, sê net, wel, oor iets anders, of “Behoort ek *dit* te doen?” Of—of, mag 'n droom gehad het. Dié, dié is alles waardige dinge, onthou nou. Dis waardige dinge. Maar kom ons hou net by die Sewe Seëls. Dis waarby ons nou is. Laat ons. . . Dis waarvoor die—die diens gereël is, vir die Sewe Seëls. Kom ons hou net Daarby.

49 Ek moet huis toe gaan, moet 'n paar dienste daar in die weste gaan hou. Ek sal dan weer terug wees, binne bietjie meer as 'n maand of twee, of so-iets, en miskien sal die Here toelaat dat ons dan iets anders daaroor kan hê, miskien 'n genesingsdiens of iets, of wat ons ook al . . . wat dit ook al is.

50 Dan het ons Sewe Basuine hier, om nog uit te kom, julle sien. En hulle almal kom ook daar in. En die Sewe Skale, sien, wat uitgegooi moet word. So, en dit sal alles net hier inpas, maar dis alles nog verborge.

51 Nou, gisteraand . . . Ons vind dat die Eerste Seël uitgegaan het, en die ruiter . . . En die Here . . . So help my, ek het dit nooit vantevore gewet nie. Niks hiervan het ek ooit vantevore gewet nie. Dis reg. En ek het net nie.

52 Gaan net soontoe, en vat die Bybel en gaan sit, en sit daar tot wanneer Dit so na vore breek. Ek tel net my pen op en begin skryf. En bly net daar, miskien ure lank, totdat Dit—Dit klaar is.

53 Dan gaan ek terug, en ek vind uit, soos ek sien waar Hy Dit gesê het. Ek het gedink: “Wel, lyk of ek dit êrens gesien het.” Ek kry my konkordansie, gaan slaan na. “Is daar iets soos Dit? En hier is Dit net *hier*. En dan hier is Dit weer *hier*. En hier is Dit *hier* agter, en *hier* onder, en *hier* oorkant.” Dan pas ek Dit net mooi in. Ek weet dis God, solank Dit Skrif met Skrif ooreenstem. Dis hoe Dit moet maak. Net soos om 'n gebou aanmekaar te sit, die stene moet steen op steen pas.

54 Nou, gisteraand het ons die oopmaak van die—van die Derde Seël gehad. Eerste was 'n wit perd, en die volgende was 'n rooi perd, en toe 'n swart perd. En ons vind uit dat die ruiters, dieselfde ruiter was, die heeltyd; en dit was die antichris, om mee te begin. Hy het geen—geen kroon gehad nie, maar hy het lateraan een ontvang. En ons het uitgevind dat hy toe 'n swaard gegee is, om vrede van die aarde af weg te neem, en ons vind uit dat hy dit gedoen het. Toe kom hy in met die dogmas van gee, geld vir die kerk, deur 'n penning *hiervoor* te weeg, en twee pennings *daarvoor*. Maar hy is verbied om die Olie en die wyn aan te raak, wat 'n bietjie was wat oorgebly het.

55 En toe het ons gegee, geëindig gisteraand, met die illustrasie van wat die Olie en wyn was, en wat die uitwerking wat Dit gehad het. En ons . . . Dit mag 'n bietjie kru geklink het, maar ek . . . dis net presies die Waarheid. Sien? Nou, ons het geëindig met . . . Kom ons hersien dit nou net vir 'n paar minute. En toe het ons geëindig, met die krag van die wyn, wat die Olie voorgestel het, Gees. Nou, ek skat julle het almal dit als neergeskryf. Jy sal dit op die band kry, as jy nie het nie. En waar om die Skrifte te kry, dat, die olie altyd die Heilige Gees simboliseer. Soos die dwase maagde met geen Olie, wyse maagde met Olie, wat die Heilige Gees is. En dan destyds daar, in—in die—die profete, ensovoorts. En nou ek . . .

56 Natuurlik, probeer ek nie elke Skrif daarin uithaal nie. En daar is dinge waaroor jy nie eens kan praat nie; vat te lank. Maar ek probeer net genoeg hier voorhou, met Skrifte ensovoorts, om vir die mense te gee, sodat dit hulle sal laat weet en die beeld Daarvan laat kry. Maar as jy sou gaan sit met een van daardie Seëls, wel, goeiste, jy sou 'n maand lank elke aand preke kon hê, net oor daardie Seël, en Dit steeds nie eens aanraak nie, sien, oor een van Hulle. En dis hoe—hoeveel daar Daaraan is. Maar, raak net die hoogtepunte Daarvan aan, dan kan jy—kan jy sien waaroor Dit alles gaan.

57 Nou, soos olie die Heilige Gees gesimboliseer het. Dan vind ons uit dat olie en wyn verband hou met aanbidding, sien, hou altyd verband met aanbidding.

58 En die wyn, het ek gesê, wat na my toe gekom het, dat die wyn simboliseer dat dit die krag is van—dit die krag is van stimulasie deur openbaring. Sien? En dis wanneer iets geopenbaar is. Dit gee stimulasie aan die gelowige, want dit is deur openbaring voorgestel. Sien? Dis iets wat God gesê het. Dis 'n verborgenheid; hulle kan Dit nie verstaan nie, sien. En, na 'n ruk, daal God neer en openbaar Dit, en bevestig Dit dan.

59 Onthou, as die Waarheid geopenbaar word, word die Waarheid ook bevestig. God doen, voortdurend, maak nie saak hoe slim die persoon mag wees, hoe briljant met sy verstand hy mag wees nie; as God nie ondersteun wat hy sê nie, is daar iets verkeerd. Sien? Reg. Want, dis die Woord.

60 Nou, toe Moses daar uitgegaan het onder die inspirasie van God, gesê het: “Laat daar vlieë kom.” Daar het vlieë het gekom. Het gesê: “Laat daar paddas kom.” Daar het paddas het gekom.

61 Sien, wat as hy gesê het: “Laat daar vlieë kom,” en hulle het nie gekom nie? Sien, dan het hy—het hy nie die Woord van die Here gespreek nie, sien; hy het net gepraat, hy het sy eie woord gespreek. Hy mag gedink het daar behoort vlieë te wees. Maar, daar—daar het geen vlieë gekom nie, want God het dit nie vir hom gesê nie.

62 En wanneer God jou enigiets vertel, en sê: “Gaan doen *dit*, en Ek sal reg daarmee saamgaan, want dit is My Woord,” en Hy wys dit in die Bybel, dan rugsteun God dit. En as dit nie in die Bybel geskryf is nie, rugsteun God dit, in elk geval, as dit God se Woord is. Sien?

63 En dan buiten dit, word dit aan profete geopenbaar. Ons besef dat al die verborgenhede van God aan profete bekendgemaak word, en net aan hulle. Sien, Amos 3:7.

64 Nou, nou, die krag van openbaring bring stimulasie vir die gelowige. Want, die krag van wyn, natuurlike wyn, is om te stimuleer. Sien? Dis om—om 'n persoon, wat heeltemal teneergedruk is, tot 'n stimulasie te bring. Sien? Sien? Wel, dan, nou, daar is 'n krag van die openbaring van die Woord,

gee stimulasie van vreugde vir die gelowige, stimulasie van tevredenheid, die stimulasie dat Dit bevestig is, Dit bewys is.

65 Dit word genoem, in die Skrif, soos ons daarna wil verwys, as “nuwe wyn.” Ons verwys altyd so daarna, soos “Dié is dronk van nuwe wyn.” Sien? Goed. Of: “geestelike wyn,” dink ek, sou die beste interpretasie wees. Dit sou wees, van “geestelike wyn.” Soos die natuurlike wyn homself openbaar in gestimuleerde krag, so ook die nuwe wyn, soos Dit die Woord van God openbaar, wat Gees is. O! Nou daar’s ’n . . . dis ’n . . . Sien, die Woord Self is Gees. Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

66 Kom ons lees dit. Kom ons lees dit, Johannes 6. Laat ons net . . . Ja, dan sal julle—dan sal julle—julle nie sê: “Wel, nou, iemand het dit gesê,” nie. Kom ons—kom ons kyk Wie het dit gesê, en dan sal ons weet of dit Waarheid is, of nie. Johannes, die 6de hoofstuk. En die 6de hoofstuk, en ek dink dis die sestig- . . . 63ste vers, goed, dink ek is dit. Ja.

Dit is die Gees wat lewend maak; die vlees is van geen nut nie: die woorde wat Ek tot julle spreek, hulle is gees, en hulle is lewe.

67 Die Woord Self is Gees. Dit is Gees in Woordvorm. En dan, julle sien, wanneer Dit lewendgemaak word, of tot lewe gebring word, gaan die Gees van die Woord te werk en tree op. Sien? Omdat . . .

68 Nou kyk hier. ’n Gedagte moet ’n gedagte wees voor dit ’n woord kan wees. En dan wanneer ’n gedagte voorgestel word, is dit ’n woord. Nou, *dit* is die God se gedagte wat Hy in die Woord geplaas het. En as ons dit dan van Hom af ontvang, word Dit ’n Woord.

69 God het aan Moses geopenbaar wat om te doen. Moses het dit gespreek, en dit het gebeur. Sien? So is dit, as dit regtig van God af kom.

70 Nou vind ons uit, dat—dat Dit—Dit stimuleer en Dit gee vreugde, want Dit is God se Woord. En die nuwe wyn, die nuwe wyn stimuleer die . . . wanneer Dit die Woord openbaar. Dan, bring dit partykeer onmeetbare vreugde. Ons het daardeur gegaan, dat dit sulke vreugde bring dat jy oorspoel word.

71 Nou, ek weet daar is heelwat fanatisme, en mense wat tekere gaan. Ek weet hulle doen dit partymaal as die musiek op-en-af spring, en alles. Ek weet dit gaan so. En ek—ek glo dit ook. Maar ek het mense gesien in die dae toe, solank die musiek speel, het almal gespring en geskree; maar toe die musiek opgehou het, het dit opgehou. Sien? Ek glo . . . Wel, dit, dis nog alles goed en wel, sover dit my betref, julle sien, solank mense reg lewe. En . . .

72 Maar, nou, wat, as jy die Woord begin bring! Nou, dis die ding wat eintlik Lewe bring, is die Woord, en dit bring die vreugde van

stimulasie van nuwe wyn. Sien? Ja. En dis wat dit op Pinkster was, toe die Woord bevestig is.

⁷³ Kyk nou. Nou, Jesus het vir hulle gesê, Lukas 24:49: “Kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle; maar gaan na Jerusalem en wag daar totdat.” Wat was die belofte van die Vader? Joël 2:28, wel, ons vind uit Hy gaan “die Gees uitgiet.” In Jesaja 28:19, hoe daar “stamelende lippe, en ander tale,” en al hierdie dinge, sou wees.

⁷⁴ Hulle het daarnatoe gegaan. En soos ons dit deurgegaan het, het een miskien gesê: “Wel, ek dink ons het nou lank genoeg gewag. Kom ons aanvaar dit net deur geloof.” Dit was ’n goeie Baptiste leerstelling, maar dit het nie met daardie broeders gewerk nie.

⁷⁵ So toe, heel eerste, moes dit ’n werklikheid word. En hulle het op hulle bediening gewag, dat die Woord bevestig moet word. En wanneer jy die Heilige Gees kom soek, doen jy dieselfde.

⁷⁶ Ja, jy kan dit deur geloof aanvaar. Jy moet Christus deur geloof aanvaar. Dis presies reg. En jy aanvaar die Heilige Gees deur geloof; maar laat die Heilige Gees dan die besnydenis kom gee, as ’n getuienis dat Hy jou geloof aanvaar het, jy sien. Dan, sien: “Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.” Maar God het vir hom die teken van besnydenis gegee, as ’n bevestiging, dat Hy sy geloof aangeneem het.

⁷⁷ So dis dieselfde ding wat ons moet doen. Ons moet op die Heilige Gees wag totdat Dit iets gedoen het; nie noodwendig omdat ons in tale gepraat het nie, nie omdat ons gedans het, of ons emosioneel geraak het, ons uitgeroep het nie. Totdat ons verander is; totdat iets werklik gebeur het! Ek gee nie om in watter vorm dit kom nie. Net solank dit gebeur het, dis die belangrike ding. Sien?

⁷⁸ En ek glo dat praat in tale en al hierdie ander dinge, in orde is, maar net dit op sigself sal nie werk nie. En julle weet dit sal nie werk nie. So, dit werk nie.

⁷⁹ Ek het hekse in tale sien praat, towenaars in tale sien praat en dans in die gees. Sekerlik. Lê ’n potlood neer en dit skryf in onbekende tale. En iemand lê dit uit, dis reg, en praat die waarheid. Dis reg. Het geskryf net presies wat gebeur het, en dit was net presies so. Hulle stof op hulle kop sien gooi, en hulleself met messe sny, en dit oraloor met die bloed van ’n wildebees of iets bedek, en—en, sekerlik, sien, en die duiwel aanroep. So, julle sien, dit doen nie. . .

⁸⁰ Praat in tale doen dit nie. “Al sou ek die tale van mense en Engele spreek, en ek het nie die liefde nie, sou dit my niks baat nie. Sien, al kon ek dit doen!” Sien? So daardie dinge beteken nie dat jy die Heilige Gees het nie.

81 Maar wanneer Hy, die Persoon, die—die onsterflike Gees van Christus jou persoonlike Saligmaker word, en jou verander, en jou opinies sommer reguit op Gólgota en na hierdie Woord gooi, het iets gebeur. Ja, meneer. Iets het gebeur. Niemand sal jou daarvan hoef te sê nie. Jy sal dit weet as dit gebeur.

82 En die nuwe wyn, wanneer dit openbaring bring, dan is Dit— is Dit geopenbaar.

83 En dis hoe dit by Pinkster was. Hulle het geweet dat—dat daar 'n Gees veronderstel was om op hulle uitgestort te word, en hulle het gewag totdat dit gebeur het. En toe die bevestiging van die openbaring plaasgevind het, toe was hulle gestimuleer. Hulle was beslis. Hulle het ook stoom opgebou. Hulle, sommer reguit in die strate in; waar, hulle bang was, en die deure toe gehad het. En hulle was buite in die strate; waar, hulle bang was vir 'n groep mense; het nou die Evangelie aan hulle verkondig! Dis reg. Sien? Iets het gebeur, want die ware Woord van belofte is bevestig.

84 Nou kom ons stop net 'n oomblik hier. As dit soveel positiefs vir daardie manne gebring het, dat hulle—hulle . . . Byna elkeen van hulle het sy getuienis met sy bloed verseël. Maak nie saak wat voorgeval het nie, solank hulle gelewe het, het hulle nooit Daaroor gekom nie. Dit het daar gebly, want dit was die ware Woord van belofte, wat bevestig is. Die openbaring het bevestig geraak. En hulle het gesterf, hulle getuienis met hulle eie bloed verseël.

85 Kyk nou na die belofte van die laaste dae. En hier sien ons dit bevestig reg voor ons, die—die teenswoordige koms van die Heilige Gees en die werke wat Hy veronderstel was om te doen, en ons vind dit reg onder ons. Sien? O, ons behoort . . . O, goeiste! Hoe kan ons hoor? Iets vind plaas, sê ek jou, vriend! Wanneer die egte, ware, opregte, uitverkore gelowige, wanneer daardie Lig op daardie saad val, bars iets uit tot 'n nuwe Lewe. Daardie vroultjie by die put!

86 Wanneer, daardie geleerde priesters gesê het: “Wel, dis die duiwel. Hy's 'n fortuinverteller. Hy—hy vertel net vir daardie mense hulle fortuin. En hy's—hy's 'n duiwel.”

87 Maar, toe, daardie vroultjie met daardie voorbestemde saad! Nou, dink julle dit is nie reg nie? Maar Jesus het gesê: “Niemand kan kom, behalwe as My Vader hom trek nie; en almal wat die Vader My gegee het, sal kom.” En Hy . . .

88 En die antichris, die laaste dae, gaan in staat wees. . . Daardie antichris gees wat ons bestudeer, in denominasionalisme, en bewys het dat denominasionalisme antichris is. Nou, boonop, as enigiemand so hier kon wegstap, hy, is daar iets verkeerd, en nog glo dat die denominasionele stelsel nie antichris is nie. Wanneer, dit absoluut bewys is, uit die geskiedenis, uit alles wat daar is, regdeur God se Bybel en alles anders, dis antichris. En Rome is die hoof daarvan. En die

dogterkerke volg reg agterna. En hulle albei word in die hel gewerp. Dis reg. So ons sien hierdie ding, antichris, die gees daarvan.

⁸⁹ En die dag waarin ons lewe, en, wel, dit behoort “onuitspreeklike vreugde vol heerlijkheid” te bring. Daardie ou vroutjie, sodra dit haar getref het, goeiste, het die saad uitgebars!

⁹⁰ Nou, onthou, die Bybel sê, dat in die laaste dag, sal hierdie antichris “die hele wêreld mislei.”

⁹¹ Daar sal net ’n klein getalletjie wees, wie se name op die Lam se Boek van die Lewe geplaas is voor die grondlegging van die wêreld. En wanneer daardie ware bevestiging van die geopenbaarde Waarheid van God se Woord daardie hart tref, sal hy die water slaan, en daar oorkant met die Heilige Gees, net so hard as hy kan. En jy kan hom nie keer om dit te doen nie, want die nuwe Lewe het na vore gewerk.

⁹² Ek het met ’n persoon gepraat, nie lank gelede nie, het met my probeer bespreek, en gesê: “Skaam jy jou nie om te sê dat God die hemele en aarde in drie dae geskape het nie?” Ek . . . Of: “. . . in ses dae nie?”

Ek het gesê: “Dis wat die Bybel gesê het.”

⁹³ Het gesê: “Wel, ons het getuienis en kan bewys dat die wêreld miljoene jare oud is.”

⁹⁴ Ek het gesê: “Dit het niks daarmee te doen gehad nie. In Génesis 1:1, het Dit gesê: ‘In die begin het God die hemele en die aarde geskape.’ Klaar! Dis al, sien. ‘Nou, die wêreld was woës, en leeg.’” En ek het gesê: “Ek glo elke saad het net daar gelê, van een of ander ander beskawing of iets. En sodra die water afgeloop het, en die lig dit getref het, het die bome en alles opgekom.”

⁹⁵ En dieselfde ding met ’n menslike wese, is ’n tipe. Wanneer al die—die—die mis wegbeweeg het, en die geopenbaarde Waarheid aan daardie egte saad wat daar lê, nog kiemkrachtig is, en die Lig van die Evangelie kan dit tref deur ware bevestiging van die Woord, sal dit lewe. Dit het Lewe daarin. Dit sal glo. Buiten dit, kan dit nie lewe nie; dit het geen Lewe daarin nie.

⁹⁶ Daardie name is geplaas op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld, sal net so seker as enigiets voortkom. En dis waarom Jesus net Daar sit en wag met Sy middelaarswerk, tot by daardie laaste saad. En Hy sal presies weet wanneer dit tref.

⁹⁷ Soos Dr. Lee Vayle . . . Ek skat hy is nog êrens in die diens. Ek het hom dae lank nie gesien nie. Ek glo nie ek het hom gesien nie. [’n Broer sê: “Hy is hier.”—Red.] Hy is hier. Wel, nou die dag het hy vir my hierdie nota gestuur, oor wat Irénaeus gesê het. Wel, ek het Irénaeus gekies, van ver af, om die engel te wees van die eeu wat hy was. Maar hy het gesê: “Wanneer daardie laaste lid van

die Liggaam ingekom het,” in hierdie laaste eeu: “moet wees . . . die ding sou in daardie tyd geopenbaar word.” En hier is dit. Dis presies reg. Sien? Ons is in die dag. Goed.

⁹⁸ Dan, was Pinkster meer as verheug. Hulle was regtig gestimuleerd. Ek dink, dit doen dit met enigeen.

⁹⁹ Kom ons vat net 'n oomblik. Kom ons dink aan Dawid. Hy—hy het ook heel gestimuleerd geraak. Hy het gesê: “My beker loop oor.” Ek glo hy het regtig 'n—'n groot gebeurtenis in sy lewe gehad. Wat, wat het hom dit laat doen? Toe hy in die Gees was . . . Want, hy was 'n profeet. Ons weet hy was. Die Bybel het so gesê. Profeet Dawid, nou, want hy was 'n profeet, en hy was in die Gees, en hy het die opstanding gesien. As julle dit wil lees, dis in Psalm 16:8 tot 11. Hy het gesê: “Daarom is my hart bly gemaak. Goeiste! Ek—ek rus in hoop, want U sal my siel nie aan die doderyk oorgee nie, U sal ook nie U Gunsgenoot verderwing laat sien nie.” En ek sê vir julle, sy beker het begin oorloop, want hy het gesien. Maak nie saak wat dit was nie; o, hy het die opstanding gesien, en hy was regtig . . . en sy beker het oorgeloop.

¹⁰⁰ Weer, het Dawid 'n ander beker gehad wat oorgeloop het, in Twee Samuel, (aangesien julle julle potlote uit het), Twee Samuel 6:14. Daar was 'n droë tydperk gewees.

¹⁰¹ Hulle het die ark gevat. Die vyand het ingekom en die ark van die Here gevat, en hulle het dit afgeneem en dit voor Dagon opgestel, en Dagon het op sy gesig geval. En het dit na 'n ander stad toe gevat, en peste het uitgebreek. Dit was . . . Dit was die warmste ding wat hulle ooit, daaronder, in hulle hande gehad het. En hulle kon nie daarvan ontslae raak nie, want dit was uit sy plek uit.

¹⁰² Nou, toe sit hulle dit op die oskar, op pad terug. En toe Dawid die ark sien kom, weet julle wat het hy gedoen? Hy—hy het so vol geraak, en sy beker het begin oorloop; die stimulasie! Toe hy die Woord weer terug in Israel geopenbaar sien word, het hy in die Gees gedans, al in die rondte, in die rondte, in die rondte, in die rondte, so in die rondte. Ja. Sy beker het begin oorloop, julle sien. Waarom? Hy het die Woord sien terugkeer.

¹⁰³ En ek dink dit sal enigeen 'n bietjie gestimuleerd laat word, wanneer hulle sien, na al hierdie jare; en dan die ware Woord, deur die belofte dat dit sou wees, wat voortgebring, en bevestig word. Watter tyd! Watter tyd!

¹⁰⁴ Nou kom ons lees. Ek—raak ek net aan die praat, sal ek nie hierby uitkom nie, en julle almal hier hê tot tien-dertig. Ek het julle gisteraand vroeg laat uitkom, so ek behoort julle 'n goeie lang tyd vanaand besig te hou. [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Ja. Ja. Nee, ek het julle net geterg. Sien? Ek's . . . Ons wil net hê net soos die Here sal lei, nou.

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê, Kom . . . kyk.

105 Nou: “Toe die Lam die Vierde Seël oopgemaak het.” Kom ons stop nou daar. Die Vierde Seël, nou, Wie het Dit oopgemaak? Die Lam. Was enigiemand anders waardig? Niemand anders kon dit doen nie. Nee. Die Lam het die Vierde Seël oopgemaak.

106 En die—die vierde Lewende Wese, die lewende Wese soos ’n arend, het vir Johannes gesê: “Kom, kyk wat die vierde verborgenheid van die plan van verlossing is, wat in hierdie Boek verberg was,” want die Lam was besig om Dit oop te maak. Met ander woorde, dis wat hy aan die sê was. “Daar is ’n vierde verborgenheid hier. Ek het jou in simbole gewys. Nou, Johannes, ek weet nie of jy Dit verstaan het, of nie.” Maar, hy het neergeskryf wat hy gesien het, maar dit was ’n verborgenheid. So, hy het geskryf wat hy gesien het.

107 Die Lam het die Seëls gebreek, en God wou Dit steeds nie openbaar nie. Dit is vir die laaste dae gelaat. Sien? Nou, ons het simbole gehad, en ons het daarna getas, en somtyds baie goed gedoen, sien. Maar ons weet Dit het reguit voortbeweeg. Maar nou, in die laaste dae, kan ons terugkyk en sien waar Dit was. En dit is veronderstel om gedoen te word, dit, aan die einde van die kerkeeu, net voor die Wegraping.

108 Hoe enigeeen die Kerk deur die Verdrukking kan laat gaan, weet ek nie. Maar waarvoor moet Dit deur die Verdrukking gaan, wanneer Dit geen—geen sonde het nie? Ek bedoel. . . Ek bedoel nie die kerk nie; die kerk sal deur die Verdrukking gaan. Maar ek praat van die Bruid. Die Bruid, nee, Dit het nie ’n sonde teen Haar nie, glad nie. Dis alreeds uitgebleik, en daar is nie eens ’n—’n. . . Daar’s nie eens ’n reuk, en niks daarvan oor nie. Hulle is volmaak, voor God. So waarvoor enige Verdrukking om hulle te louter? Maar die ander gaan. Die kerk gaan wel deur die Verdrukking, maar nie die Bruid nie.

109 Nou, nou ons het dit nou net in allerhande simbole geneem. Soos die—die kerk, Noag, die oor-gedra-de tipe, het uitgegaan in sonde in. Sien, nou, hulle het wel oorgegaan. Maar, Hénog het eerste gegaan, dit was die tipe van die heiliges wat sou ingaan, en voor die Verdrukkingsperiode.

Nou vind ons uit, hierdie Lam het die Seël oopgemaak.

110 Nou, die eerste Lewende Wese wat ons kry, as julle oplet, die eerste Lewende Wese wat ons kry, was ’n. . . Die eerste Lewende Wese was ’n leeu, ’n lewende Wese; het dit gevind in die boek van die seë-. . . van die kerkeeu. En dan die tweede Lewende Wese, reken ek, was die—die gesig van ’n os, of ’n kalf. En die derde Lewende Wese was die gesig van ’n mens. Maar die vierde Lewende Wese was die gesig van ’n arend. Nou dis presies hoe ons hulle gekry het, roteer presies net so. En dis presies hoe hulle selfs hier in die Boek geplaas is.

111 En dan soos ’n groot leraar, eenkeer in Florida, geleer het, het gesê dat—dat die. . . dat: “Die Boek van Handelinge was bloot net

'n—'n steierwerk vir die—vir die Kerk. Die Kerk is gestig in die vier Evangelies.”

112 En ons vind, omgekeerd daarvan, dat dit die vier Evangelies is wat die Boek van Handeling bewaak. Dis vanuit daardie vier Evangelies dat die Boek van Handeling geskryf is, die handeling van die Heilige Gees in die apostels. En ons vind, daar in die Boek, dat daardie wagte daar gesit en waghoe het; oos, noord, wes, en suid. Onthou hoe ons dit hier uitgeteken het? En hoe pragtig en perfek alles net by hierdie punt getref het!

113 Nou wil ek hê julle moet oplet. Het gesê: “Kom en kyk.” Johannes . . . Nou ek wil hê julle moet weer oplet, voor hierdie. Nou, hierdie is die laaste van die ruiters, om die werking van die antichris te openbaar.

Môre-aand, tref die siele onder die altaar.

Die volgende aand, die oordele.

114 Die volgende aand, die weggaan, van die—van die einde van die eeu, einde van tyd, van alle dinge, sien, wanneer Sy opgeneem word. Daarom, word daar midde-in daardie Sewende Seël, skale uitgiet, en word alles anders uitgiet. Wat hulle is, weet ek nie.

115 Let op. Maar nou, oor hierdie, vind ons uit dat hierdie kêrel hier 'n arend is, hierdie man wat . . . of hierdie lewende Wese wat nou hier uitgiet word. Of, met ander woorde, daar is vier verskillende eeue Daarvan. Daar was 'n eeu van die leeu. En, ons vind uit, hierdie as die vierde eeu.

116 En hy het gesê: “Kom en kyk na die vierde verborgenheid van die Boek van Verlossing, wat in hierdie Boek verberg is. Kom, kyk.” En Johannes het gaan kyk, en hy het 'n vaal perd gesien. En, weer, dieselfde ruiter op hierdie vaal perd.

117 Nou het hy 'n naam, word die Dood genoem. Nou let op. Geen van die ander ruiters, of geen van die ander perde, of geen keer wat hierdie ruiter ooit gery het, het hulle gehad nie; daardie man het geen naam gehad nie. Maar nou word hy die Dood genoem. Dit word nie vermeld nie. Sien? Hy word nou geopenbaar. Wat hy is, is die dood.

118 Wel, hoe ons daarby sou kon vertoef vir 'n preek, en dit regtig duidelik maak! Maar enigiets wat anti is, wat teen die werklike is, moet die dood wees. Want, daar's net twee onderwerpe, dis, Lewe en dood. En dit bewys dat die Heilige Gees se openbaring hiervan, in hierdie dag, presies die Waarheid is. Die anti, hy is die dood. Want, die Woord, soos ons later hier sal sien, is Lewe. Sien?

119 En hierdie man word die Dood genoem. Nou, dit is nie vermeld van die ander kere, van hierdie ruiter nie. Maar, omdat, nou word dit genoem, dat hy die Dood genoem word.

120 Maar onder die openbaring van die leeu . . . Nou kyk. Nou, ek wil dit mooi lees, sodat ek seker kan wees; party van die

plek neergeskryf, staan hier. Onder, nie onder die openbaring van die leeu se eeu, of van die eerste eeu, die vroeë eeu, is Dit geopenbaar nie. Die volgende eeu was die eeu van die os, wat die donker eeu is, die middeleeu, is dit nie geopenbaar wat Dit was nie. Ook nie die Lewende Wese soos 'n mens, van wysheid, wat die hervormers, Luther en Wesley ensovoorts voorstel, is Dit nie geopenbaar nie. Maar in die arend-eeu, die laaste eeu, die profetiese eeu, wanneer daar profetiese uitspraak na vore moet kom, sien, na wie die geheimenisse altyd kom! Nou dit is daar waar ons net. . .

121 Ons gaan vanaand 'n rukkie daarby vertoef, sodat julle behoorlik kan verstaan. Nou, in die meeste tye, besef julle, het hierdie. . . Ek praat nie net met hierdie groep hier nie. Hierdie bande gaan oral, sien, en ek moet dit duidelik maak. Want, iemand mag dalk net een band kry, en dan, as hulle nie die res daarvan kry nie, is hulle heeltemal deurmekaar, sien. God het Dit belowe, sien, vir hierdie dag, vir die laaste, beëindiging van al hierdie verskillende dinge wat aangegaan het, en deurmekaar gemaak is. Ons is. . .

122 Ons het al Elía se kledingstukke gehad. Ons het al Elía se mantels gehad. O, daar was al mense wat. . . John Alexander Dowie is daarbo begrawe, toegedraai in 'n—'n mantel. Hy het gesê hy is Elisa. En ons het al allerhande sulke dinge gehad. Wat is dit, in elk geval? Dis net om 'n Waarheid wat aangebied gaan word, weg te neem. Sien? Hulle het valse christusse gehad voor Jesus se tyd. Sien? Hulle doen dit altyd. Dis Satan, wat 'n namaaksel uitstuur, om die gemoedere en die geloof van die mense te ontwig, voor die ding werklik gebeur. Dis al.

123 Het Gamaliël nie daardie dag dieselfde ding vir die Jode gesê nie? Het gesê: “Het daar nie 'n man opgestaan en voorgegee om Dit te wees nie? En hulle het vierhonderd in die wildernis uitgeneem. Hulle het omgekom, ensovoorts.”

124 Het gesê: “Elke loot wat My Hemelse Vader nie geplant het nie,” het Jesus gesê: “sal ontwortel word.”

125 Gamaliël het gesê: “Los hulle uit. As hulle, as dit nie van God is nie, sal dit tot niks kom? Maar as dit uit God is, sal dit bevind word dat julle teen God stry.” Die man het wysheid gebruik. Hy was 'n leermeester.

126 Nou let op. Nou, om al hierdie verborgenhede op te los, het God belowe dat daar 'n egte Elisa sal opstaan, een of ander man wat met daardie Gees gesalf sou wees, en dit sou openbaar. Hy het dit in Maleági 4 belowe. En ek het notas en briewe gekry wat sê dat dit nie so is nie, maar ek sou graag met daardie persoon wou praat. Sien? Jy kan dit tog nie ontken nie. Enige ware, goeie teoloog weet dat dit die Waarheid is, dat hulle daarna soek.

127 Maar net soos dit gekom het met Johannes, die voorloper van die eerste keer van Christus. Wel, hulle het hom nie herken nie,

omdat daar sulke groot dinge van hom geprofeteer is. Wel, hy moes “al die hoë plekke laag laat word, en al die lae plekke hoog laat word, al die ruwe plekke glad laat word.” En, o, hy. . . Die profete: Jésaja, sewehonderd-en-twaalf jaar voor sy geboorte; en Maleági, vierhonderd jaar voor hy op die toneel verskyn het; hulle het almal van hom geprofeteer. En hulle het verwag een of ander gang sou van die Hemel af neergelaat word, en hierdie profeet sou daar uitstap met sy staf in sy hand, van God af.

¹²⁸ En wat het gebeur? 'n Man wat jy. . . kon nie eens 'n lidmaatskapskaart wys nie. Hy kon nie 'n getuigskrif wys nie. Het buite in die wildernis gebly; nie eens 'n gewone skoolopleiding nie. Ons word vertel, deur historici, dat hy weg is woestyn toe, toe hy nege jaar oud was, na die dood van sy vader en moeder. En grootmaak is buite. . . Sy taak was te belangrik, om met een of ander kweekskool deurmekaar te raak. Hy moes—hy moes die Messias aankondig.

¹²⁹ God kon nie 'n man gebruik wat volgeprop was met teologie nie. Hy kan dit nie doen nie, want hy sal altyd weer reguit terugdryf. Dis sy rigting van geleerdheid. Hy dryf daarnatoe terug. So, as hy iets gaan soek, probeer hy terugdryf na wat die leermeesters gesê het. Sou beter wees as jy wegbly van daardie goed af, en net vir God glo.

¹³⁰ En ons vind dat hulle hom gemis het. Selfs die apostels wat daar gestaan het, het hom gemis. Wel, hulle het gesê: “Waarom sê die Skrifte, die skrifgeleerdes, dat Elía. . .”

¹³¹ Hy het gesê: “Wel, hy het alreeds gekom, en julle het hom nie geken nie.”

¹³² En dis waarop ek die opstanding, of die Wegraping, skoei. Dit sal gaan, en hulle sal. . . Ek weet dit klink vreemd. Maar miskien sal julle na vanaand 'n bietjie meer weet, as die Here so wil, van net hoe dit gaan wees, sien. Dit sal so geheimsinnig wees, niemand sal omtrent daarvan weet nie. Die wêreld sal net dink, net so voortgaan soos dit altyd het, sien, en net. . . Dis hoe Hy dit altyd doen.

¹³³ Julle weet, ek twyfel of een—een. . . ek sê, een negentigste persent van die mense op aarde, ooit geweet het Jesus Christus was hier toe Hy hier was. Het julle geweet, toe Elía geprofeteer het, ek twyfel of daar omtrent enigiemand was wat geweet het hy was die. . . Hulle het geweet daar was 'n gek daarbo, 'n ou fanatikus, maar hulle het hom gehaat. Sekerlik. Hy was wat hulle die snaakse kêrel genoem het.

¹³⁴ En ek dink, elke wedergebore Christen is soort van 'n snaakse kêrel, vir—vir die wêreld, want jy is verander. Jy's van 'n ander wêreld. Jou Gees is van oorkant die kloof. En hierdie ding hier is so 'n deurmekaar. . . Dan, as jy—as jy nie anders is nie, is daar iets verkeerd; jy, jy's nog te aardsgebonde. Jy behoort Hemelsgerig te wees. En die Hemel leef volgens die Woord.

135 Nou, ons let op dat hierdie—hierdie groot ding plaasgevind het. Nou, ons glo dat daar 'n koms van die ware Gees van Elisa sal wees. Dis voorspel dat dit sal wees, sien. En ons moet onthou dit sal hier wees, op sy eie seisoen en tyd. Ons lê dalk nou 'n fondament daarvoor. En dit geen . . . sal geen organisasie wees nie.

136 Ek—ek verskil van 'n goeie vriend van my, daaroor. Hy sê dit sal 'n groep mense wees. Ek wil hê jy moet dit vir my in die Skrif wys. God, die onveranderlike God, verander nooit Sy planne nie. As Hy dit doen, dan is Hy nie God nie; dis reg, want dan is Hy 'n sterflike en Hy weet net soos ek, en Hy maak foute.

137 God het Sy plan nog nooit verander, sedert die einste tyd in die tuin van Eden nie. Hy het 'n plan vir verlossing gemaak; dit was die Bloed. En ons het geleerdheid probeer. Ons het diktatorskap probeer. Ons het sielkunde probeer. Ons het denominasionalisme probeer. Ons het alles probeer, om almal saam te stoot, of almal saam lief te hê, en alles anders. Daar is steeds geen ander plek van gemeenskap, as onder die Bloed nie, die enigste gronde waarop God die mens ontmoet.

138 God deel altyd met een individu. Twee mense het twee idees. Daar was nooit twee groot profete op die aarde, wat terselfdertyd geprofeteer het nie. Kyk terug en kyk of daar was. Nee, meneer. Te deurmekaar! Hy moet een man kry wat volkome oorgegee is, en daardie persoon gebruik. Hy soek na daardie persoon.

139 Maar daar sal een wees, op 'n keer, iemand wat na Hom sal luister, Woord vir Woord. Ek gee nie om wat enigiemand anders sê nie, hulle sal nooit Daarvan wegbeweeg nie. Dis reg. Hulle sal op SO SPREEK DIE HERE wag. En, dan, sal hulle nie beweeg, tot dan, nie. Hy sal behoorlik bevestig word. Julle sal . . .

140 Nou, die buitewêreld sal dit haat, maar die uitverkore Saad, die voorbestemde Saad, soos daar in die dae van Jesus was, wanneer daardie Lig flits, sal daardie Saad so tot Lewe kom. [Broer Branham klap sy vingers een keer—Red.] Hulle sal Dit herken. Hulle sal Dit verstaan. Jy sal nie 'n woord Daaroor hoef te sê nie.

141 Sy het gesê: “Meneer, ek merk dat U 'n Profeet is. Ek weet wanneer die Messias kom, is Hy veronderstel . . .”

Hy het gesê: “Ek is Hy.”

142 Man, dit, dit was genoeg. Sy hoef nie die hele nag te vertoef het, en die volgende nag te vertoef het nie. Sy het Dit net daar gekry. Sy was op haar pad. Sy het hulle Daarvan vertel.

143 Nou onthou, nou, in die eerste eeu was 'n leeu-eeu. Dit was die Leeu van die stam van Juda, Christus. Sy Eie invloed van Lewe, het daardie eeu geneem. Dis die eerste *Lewende Wese*, wat “Mag” beteken, wat met 'n menslike stem geantwoord het.

144 Die volgende eeu was die os-eeu, of die donker-perd ruiter se eeu. Sien?

145 Nou, hoekom hierdie eerste eeu 'n wit eeu was, was dat. . . Soos—soos ek altyd mense hoor sê het, dat daardie eerste ruiter, die witte, die krag van die kerk was, wat uitgegaan het om te verower. En ons het uitgevind hy is 'n kroon gegee, dat dit dit was. Dit was die kerk. Dit was die kerk, maar waarheen het hy gegaan? Het na Rome gegaan. Dis waar hy het. Hy het sy kroon ontvang.

146 Nou, die tweede eeu was 'n—was 'n rooi-perd ruiter, wat die donkereeu was.

147 En nou—nou, die—die volgende eeu, was die—die man, van die eeu wat die swart-perd ruiter was. En hy was die eeu van die hervormers, sien, toe die—die Stem wat gespreek het. Nou, die swart-perd ruiter, dit was die antichris. Maar die Een wat in daardie eeu gepraat het, is as 'n mens voorgestel, en dis wysheid, slim, slu. Sien? En hulle het dit nie begryp nie, sien. Hulle het nie genoem. . . Hulle het hom nie 'n naam gegee nie. Sien? Hulle het net gesê dit het uitgegaan.

148 Maar nou, as die arend-eeu na vore kom, dis die een wat. . . God vergelyk altyd Sy profete met arende. Hy noem Homself 'n arend. Die arend gaan so hoog, daar is niks anders wat naby hom kan kom nie. Nie net is hy daarbo nie, maar hy is gebou vir daardie posisie. Wanneer hy daarbo kom, kan hy sien waar hy is. Party mense kom daarbo en kan nie sien waar hulle is nie, so dit doen help niks om daarbo te kom nie. Maar as jy. . .

149 Maar as jy 'n kraai laat probeer vlieg saam met 'n arend, of 'n valk, enigeen van die twee, sal hy disintegreer. Hy moet drukvas gemaak word vir waarnatoe hy gaan.

150 Dis die probleem vandag, party van ons word nie drukvas gemaak nie. Ons ontplof te gou, julle sien, as ons rondspring. En, maar, ons moet drukvas gemaak word.

151 Wanneer jy daarbo kom, en die goeie oë van die arend het, om te sien wat kom, en te weet wat om te doen. Nou, die arend-eeu het Dit geopenbaar. Nou vind ons uit, daardie arend-eeu is in Openbaring 10:7 en in Maleági. . . :1, 4 beloop. Dit sou in die laaste dae wees, sien, dis reg, dat dit hier sou wees. Goed. Let op.

152 Nou, hierdie kêrel, ons vind uit dat hy op 'n vaal perd ry. Vaal! O, goeiste! Nadat, let op, nadat. . .

153 “Agt-en-sestigmiljoen Protestante,” soos ons dit uit—uit Schmucker se *Glorious Reform* geneem het, van die—van die martelaarsgeskiedenis van Rome, gisteraand. Ons kry dit, tot by die 1500 merk, dink ek, was dit, of agtien. . . ek onthou nie nou presies nie. Maar dit was agt-en-sestigmiljoen wat doodgemaak is, uit protes teen die eerste Roomse kerk, Rome. Geen wonder hy

kon homself verpersoonlik in die verpersoonlikte naam van . . . en die Dood genoem word nie. Hy was beslis.

154 Nou, God alleen weet hoeveel hy geestelik laat sterf het, deur sy anti-Bybel, -Woord lering! Dit is die een, hy het agt-en-sestigmiljoen met die swaard verslaan, en hulle doodgemaak. En waarskynlik, letterlik, biljoene het geestelik doodgegaan, oor sy valse lering. Geen wonder hy kon die naam Dood aanneem nie!

155 Sien jy die ruiter? Die eerste plek, as 'n antichris, was hy die dood, om mee te begin; maar hy was toe onskuldig. Toe het hy 'n kroon ontvang, 'n trippel een; en toe hy het, toe is hy verenig, Satan het sy kerk en staat verenig, want hy was toe oor hulle albei. Antichris was Satan, in 'n vorm van 'n man.

156 En dan het, Matthéüs, dink ek is dit, die 4de hoofstuk, dit—dit ook vir ons gesê. Satan het Jesus, ons Here, opgeneem, en Hom die koninkryke van die wêreld gewys het, hulle almal, in 'n oomblik se tyd, en hulle glorie, hulle vir Hom aangebied. En hy het gesê. . . Hulle, hulle was syne.

157 So, julle sien, dan, as hy sy staat en sy kerk saam kan verenig, dan kon die rooi-perd ruiter ry, seer sekerlik. Sien? Waarlik! Nou, dan, vind ons sy verborgenheid hier uit, in sy kerk en staat.

158 Die vierde stadium van sy bediening, word hy die dier genoem. Eers word hy die antichris genoem, sien; dan word hy die valse profeet genoem; en hy word die dier genoem. Nou vind ons hy word die dier genoem hier. Nou, ek wil hê julle moet oplet, dis na die vierde perd.

159 En in hierdie vierde perd, as julle sal oplet, was al. . . Die eerste een was wit; en toe was die volgende een rooi; en die volgende een was swart; en die vierde een, al hierdie ander drie is daarin verteenwoordig; want, vaal is rooi en—en wit, en so aan, saamgemeng. Sien? Hy. . . Dit—dit is alles in hierdie een perd vermeng. Sien? En daar het hy vier geword, of, eintlik, die drie in een. En dit is alles vermeng in daardie een ding.

160 Nou wil ek hê julle moet die vier van hulle oplet. Let op hoe van die merk af, van vier, van die geestelike wiskunde. God is drieë. Hierdie is vier. Hy is in vier, hier. Eers, antichris, wit; tweede, valse profeet, rooi; derde, vikaris van hemele en aarde en—en vagevuur, swart; vierde, die dier, vaal perd, Satan wat uit die Hemel uitgeskop word. Wil julle dit lees? Openbaring 12:13, Satan wat uit die Hemel uitgeskop word. Dan in Openbaring 13:1,8, is hy beliggaam in die persoon van die dier.

161 Hy is eers die antichris, net—net 'n lering wat Nikolaieties genoem word; dan word hy, daarvandaan, 'n valse profeet. As hy 'n antichris is, antichris is *teen*. Enigiets wat teen God se Woord is, is teen God, want die Woord is God. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord het vlees geword, Christus, en onder ons gewoon.” En nou is hy teen die Woord, so hy is antichris. Maar 'n gees kan nie gekroon word nie; dis

hoekom hy nie 'n kroon ontvang het nie. Net 'n boog, met geen pyle nie.

162 En dan wanneer hy kom, die kroningstyd, dan word hy die valse profeet van sy antichristelike lering. Begryp julle dit? Dan kry hy 'n swaard, want hy verenig sy magte saam, dan hoef hy niemand te vra nie. Hy is heerser van die staat; hy is heerser van die Hemel. Ontvang 'n trippel kroon. Maak vir homself 'n idee genoem "vagevuur." Waar, as—as sommige van hulle destyds doodgegaan het, en hulle het 'n klompie geld gehad, wou hulle daaruit betaal, kon hy hulle daaruit bid. Want, hy het die mag om dit te kan doen, hy's 'n *vikaris*. Sekerlik, hy is. "Hy neem die plek van God in, op aarde." As dit nie so duidelik soos nog iets is nie!

163 Ons vind dit, trek dit regdeur die Bybel, en tel sy numeriese getalle en alles. Hier is hy . . . ? . . . net hier in nommer vier, nie nommer drie nie. Nommer vier, sien.

164 Nou kom ons blaai, Openbaring 12. Kom ons lees hierdie net 'n bietjie, want ons—ons sal tyd hê om dit te doen. En kom ons lees Openbaring, die—die 12de hoofstuk en die 13de vers. "En in dieselfde uur was daar 'n groot aardbewing . . ." Nee, ek het die—ek het die verkeerde plek. Die 13de:

En toe die draak sien dat hy neergewerp is buite in die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het.

165 Nou, julle sien, hy is uitgewerp, van die aarde af, en is geïnkarneer, soos die antichris gees in 'n man beliggaam is. Daardie man verander van een ding in 'n ander, van 'n antichris gees in 'n valse profeet, en dan kom die dier in hom in.

166 Net presies soos die Kerk groei; sy kerk het van—van antichris na valse profeet gegaan, en, in die groot eeu wat moet kom, die dier wat sal opstaan. So, die Kerk kom dieselfde pad, deur regverdigmaking, heiligmaking, en die doop van die Heilige Gees, is Christus wat in die mense is, net presies. En hy het die antitipe Daarvan daar, die . . . sien, die tipe Daarvan, liever. Daar is hy, net presies. Dis hy. Hy is uit die Hemel geskop.

167 Nou vind ons uit, in Openbaring 13:1 tot 8.

En ek het op die sande van die see gestaan, en 'n dier sien opkom . . .

168 Nou, hier is 12, waar hy uitgeskop is. Nou kyk.

. . . het 'n dier sien uit die see, met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone, en op sy kop 'n naam van godslastering.

En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote . . .

169 O, as ons nou net tyd gehad het, sou ons die res van die aand kon neem, net daar op daardie simbole, en wys, dit weer reguit op hom tuisbring. Party, die meeste van julle weet dit, uit ander lesse.

. . . was . . . soos dié van 'n beer, en sy bek . . . die bek van 'n leeu: en die draak gee hom sy krag, . . . troon, en . . . mag.

170 Huh! Beliggaamde Satan! Sien?

En ek het een van sy koppe gesien net . . . dit dodelik gewond; . . .

171 En so aan, soos ons gaan, as julle wil, wanneer julle 'n kans kry om verder te lees. Nee, kom ons—kom ons lees net 'n bietjie.

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dood . . . gewond was; en sy dodelike wond is genees: en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.

172 Hou maar net dop! Moet nooit kommunisme dophou nie. Dis niks meer as net 'n instrument, wat in God se hande speel, om julle te help om eendag “die bloed gewreek” te kry nie, soos ons môre-aand sal kry. Sien?

En hulle het die draak aanbid . . .

173 Wie was die draak? Satan. Dit reg? “Die rooi draak.” Goed.

. . . wat die dier mag gegee het (waar hy sy mag kry, sien): en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? wie kan teen hom oorlog voer?

En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde van godslastering uitspreek; en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.

En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, (Daar het jy dit, sien. Goed.) . . . om sy Naam te laster (gee hom 'n titel) . . . sy tabernakel (wat die Heilige Gees se woonplek is), . . .

174 Om dit 'n plek in Rome te maak, 'n Vatikaanstad. Jy kan net aangaan:

. . . en dié wat in die hemel woon, te laster.

175 Het hulle gelaster, deur te sê hulle is bemiddelaars.

Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges (en hy het) en hulle te oorwin (hy het): . . .

176 Het hulle op die brandstapel verbrand! Hulle vir die leesvoer! En het hulle doodgemaak op enige manier wat hy maar kon!

. . . en aan hom is mag gegee oor elke stam, . . . taal, en nasie.

177 Dit het nooit in Rome so geword, voordat heidense Rome tot pouslike Rome bekeer is, en die Katolieke mag oor die wêreld heen versprei het, die universele Katolieke kerk gemaak het nie.

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek was . . .

178 “Moenie My Olie en wyn beskadig nie!” Sien?

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskryf was nie.

As iemand 'n oor het, laat hom hoor.

As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap: as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doorgemaak word. Hier is die lydsaamheid en . . . geloof van die heiliges.

179 Nou, ons het hom gehad, gisteraand, wat met sy groot swaard kom om dood te maak.

180 Ons vind uit dat hy ook doorgemaak word met die swaard, die swaard van die Woord. God se Woord, skerp, tweesnydende swaard, verslaan hom, werp hom neer. Wag totdat daardie Sewe Donderslae Hulle stemme laat hoor, aan daardie groep wat werklik die Woord van God kan neem en Dit daar oorhandig, dat Dit sal kerf en sny. En hulle kan die hemele sluit. Hulle kan *dit* toemaak, of *dat* doen, wat hulle ook al wil. Glorie! Hy sal verslaan word deur die Woord wat uit Sy mond uitgaan, skerper as 'n tweesnydende swaard is. Hulle sou vir 'n honderdbiljoen ton vlieë kon vra as hulle wou. Amen. Wat hulle ook al sê, gaan gebeur, want Dit is die Woord van God wat uit die mond van God kom. Ja. Amen. God het, altyd, Dit is Sy Woord, maar Hy gebruik altyd die mens om Dit te bewerkstellig.

181 God kon daardie vlieë geroep het, daaronder in Egipte, maar Hy het gesê: “Moses, dis jou werk. Ek sal jou net sê wat om te doen, en dan gaan doen jy dit.” Hy het dit volkome gedoen. Sien? Hy—Hy kon die—die son gekies het om hulle te roep, Hy kon die maan dit laat roep het, of die wind dit laat roep het. Maar, Hy—Hy het gesê: “Moses.” Dit—dis . . . Hy het die mens gekies. Goed.

182 Nou ons vind hier uit, dat hierdie Satan, nadat hy uit die Hemel uitgewerp is, homself in die dier beliggaam. En nou is hy 'n dier; antichris, valse profeet, en nou dier. En is die naam van Dood gegee! En die Hel volg hom! Ten volle Satan, op sy troon! O, goeiste! Op die aarde, hy is Satan, verteenwoordiger, op die aarde, waar hy nou hoof is van die koninkryke van die wêreld, die einste koninkryke wat hy die Here Jesus aangebied het in Matthéus 4. Satan word nou 'n volle koning.

183 Nou, dit gebeur later. Hy is nou valse profeet. Hy sal dier word, na 'n ruk, wanneer hy sy verbond daar met die Jode verbreek. Julle weet hoe ons . . . Goed, let nou op, hy sal die hart van 'n dier gegee word, teen daardie tyd, en Satan sal homself beliggaam. Want, wanneer die Kerk opgaan, word Satan uitgewerp. Sien? Sien? Dis dan verby, dis, al sy beskuldigings is verby. Sien? Nou, solank . . .

184 Kyk, solank as wat die Middelaar nog op die Troon is, kan Satan daar staan en beskuldig, want hy is die prokureur van die ander kant. Hy is die teenstander van Christus. En Christus is . . . Hy staan daar, die—die—die teenstander staan daar, sê: “Maar, wag! Adam het geval! Adam het *dit* gedoen! Ek het hom oorwin. Ek het sy vrou sover gekry om 'n leuen te glo. En U het gesê sy sou daardeur veroordeel word. Ek het dit!”

185 Maar hier is die Middelaar wat daar staan, amen, die Bloedverwante Losser, amen, staan daar met die Bloed wat die vuilste sondaar se hart kan neem en dit verander. Die Middelaar is op die Troon. Ja, meneer.

Satan het gesê: “Maar hulle is skuldig!”

Hy kan sê: “Hulle is nie.”

186 Daardie Clorox is uitgevind, of vervaardig, om vlek uit te neem, die kleur uit ink of enige ander vlek te neem. Hulle het dit. Dit sal dit so opbreek, dat jy dit nooit weer sal kry nie. Dit keer terug tot gasse, en heelpad terug tot kosmiese lig. En verby molekules en alles anders, tot dit terugkeer na die oorspronklike waar dit vandaan gekom het. Dis 'n skepping. Moes . . . 'n Skepping, dit moes van 'n Skepper gekom het. Maar al die chemikalieë wat vervaardig, en saamgevoeg is, hulle is opgebreek, en dis maar net al wat daaraan is. Daar is niks meer daarvan nie. Selfs die einste—die einste watersubstansie wat dit is, vermeng met die Clorox, wat as is.

187 Amen! Glorie aan God! Dis alles skoon. Dis wat die Bloed van Jesus Christus aan die ware kind van God doen, wanneer hy daardie sonde bely en geregtig daar staan in Sy . . . Genade! Goedheid! Dis selfs so groot dat God gesê het: “Ek kan dit nie eens meer onthou nie. En hy is absoluut My seun.”

188 “Voorwaar, Ek sê vir julle, as jy vir hierdie berg sê: ‘beweeg,’ en nie in jou hart twyfel nie, maar glo in wat jy gesê het, jy . . . sal dit gebeur. Jy kan kry dit wat jy gesê het sal wees.” Jy is 'n verlore seun. Amen! Ek weet dit is waar.

189 Ek het eekhorings daar sien verskyn, by ses verskillende tye, wat ek geweet het, en niks meer as wat hier sou sit nie. Hy's net soos . . . Hy kan eekhorings skep net soos Hy vlieë kan skep, of paddas, of enigiets anders. Hy, Hy is God, die Skepper. Reg! En as geen sterflike wese . . .

190 Maar wanneer daardie sonde van daardie sterflike bely word en laat val word in daardie Clorox, van die bleikmiddel van Jesus Christus, bleik Dit alle sonde. Hy is suiwer, onvervals, sonder sonde, sonder fout. “Hy wat uit God gebore is, doen nie sonde nie, want hy kan nie sondig nie.” Die bleikmiddel staan tussen hom en God. Hoe kan dit ooit daar uitkom, as dit dit opbreek en reguit terugstuur na die een toe wat dit verderf het! Amen!

191 Sjoe! Ek voel godsdienstig. Ek—ek sê vir julle, ek ondervind nou stimulasie soos dit begin openbaar word.

192 Let op, ten volle Satan, op sy troon. Ja, meneer. Het dit vir God aangebied, het dit vir ons Here aangebied. Hier sit hy hier, met hierdie dierlike hart in hom. Nou, hier is die persoon, die dier, die beliggaamde duiwel. Hy maak sy verskyning hier op aarde, onder die valse voorwendsel. O, my, goeiste! Onder die valse voorwendsel van die ware Woord, hy assosieer homself met die Woord.

193 Hy het net dieselfde ding gedoen wat sy—sy tipe gedoen het, wat Judas was, tweeduisend jaar gelede. Wat het hy gedoen? Judas het ingekom, as ’n gelowige, synde ’n duiwel van die begin af. “Hy is gebore, die seun van die verderf.” Hy het Jesus geensins mislei nie, want Hy het hom van reg in die begin af geken; amen, want Hy was die Woord. Goed. En, onthou, Judas het die plek ingeneem van penningmeester, en het deur geld geval.

194 So maak die kerk van vandag! Die Katolieke kerk, soos ons gisteraand opgelet het, laat betaal vir novene, laat betaal vir gebede, en laat vir alles betaal. Dis amper dieselfde, en val op dieselfde manier na die dogters van die Katolieke kerk, wat die Protestante was. Die hele ding is in geld toegewikkel. Dis daar waar Judas geval het, en dis hier waar hy geval het, en dis daar waar die Protestante val.

195 Kyk, ry ’n vaal perd, soos hy op sy rit, hierdie laaste rit verskyn. Hy’s nou op sy laaste. Nou, dit is nie in ons dag nie. Dit sal verderaan wees. Dis die Seël, voorspel. Want, sien, die Kerk het al opgegaan wanneer dit gebeur. Wanneer Christus hier op aarde verskyn, as—as—as. . . Hierdie kèrel verskyn, en word volledig, volledig die duiwel; van antichris, die hele pad langs, deur die valse profeet, dan in die dier in, die duiwel self. En hy ry op ’n vaal perd, van alle kleure, en met alle soorte kleure gemeng, om hom vaal en doods te maak.

196 Maar wanneer ons Here hier op aarde verskyn, sal Hy op ’n sneeuwit perd ry. En Hy sal volledig, ten volle, die Immánuel wees, die Woord van God beliggaam in ’n Man. Sien? Dis net hoeveel verskil daar tussen hulle is. Dis die verskil tussen hulle.

197 Let op, die antichris is op ’n vaal perd, gemengde kleure. ’n Perd is ’n dier wat ’n mag voorstel. Sy mag is heel deurmekaar. Waarom? Dis politiek, dis—dis nasionale magte, dis ’n godsdienstige magte, dis duiwelse magte. Dis alle soorte magte

saam vermeng, was 'n gemengde, vaal perd. Hy het allerhande soorte magte.

198 Maar wanneer Jesus kom, is dit op 'n een soliede kleur perd, die Woord. Amen!

199 Hierdie een meng sy kleure, van rooi, wit, swart; drie kleure in een, verteenwoordig in een. En drie magte verteenwoordig in een; die wit perd, die swart perd, rooi perd. En drie krone, in een. Sien? Sekerlik.

200 Ek het self die kroon gesien; het, o, so naby gestaan en daarna gekyk. Wou my nie daarby laat kom nie, as gevolg van glas, daaroor. So daar was dit, 'n groot slot daaraan, sit in 'n kassie: trippel kroon. So ek weet dis die waarheid. Uh-huh. So daar was hy, trippel kroon, vikaris: hemel, vagevuur, en aarde.

201 Drie magte saam verenig, sien, alles vermeng in 'n kleur, vaal. Dood het in die hele ding gepraat; politieke, en—en godsdienstige, en—en duiwelse magte, saam vermeng. Politiek, hy is die koning van die politiek, is Satan. Slim! Sjoel! Sekerlik. Moet hom nie probeer uitoorlê nie. Vertrou net—net op die Here. Dis al.

202 Soos ek, alles, tevore deurgegaan het. Alle slim, geleerdheid en sulke dinge, kom van die verkeerde kant. Volg dit net deur die Skrif, vind uit of dit reg is. Volg Kain se kinders en kyk wat hulle geword het. Volg dan Set se kinders, kyk wat hulle was. Nie dat ek onkunde ondersteun nie, glad nie. Nee, meneer. Maar as jy enige persone vat, skaars, van die Bybel, baie selde . . .

203 En daar's een genaamd Paulus, wat 'n slim man was, en hy het gesê hy moes alles vergeet wat hy geweet het, ten einde Christus te ken. Hy het gesê: "Ek het nooit na julle toe gekom met oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar ek kom na julle toe in die Krag van die opstanding van Christus." Dis reg, Krag van die Heilige Gees!

204 Kyk na die ander. Party van hulle kon nie eens regter- van linkerhand onderskei nie. En—en, o, kyk deur die eeu van die profete heen, en waar hulle vandaan gekom het, ensovoorts. Sien wat ek bedoel?

205 Sien, dis 'n slim, intellektuele, en wysheid. Wysheid is presies die einste ding wat jou laat wegduaal van God af.

206 Hy het drie magte, of drie—drie jurisdiksies gehad: die aarde, die Hemel, en die vagevuur.

207 Hy is, self, 'n drie-eenheid. Dis waaruit hy gemaak is. En hy ry in 'n drie-eenheid. Sy mag is in 'n drie-eenheid. Sy kroon is in 'n drie-eenheid. Sy perd is in 'n drie-eenheid. Dis wat hy is, 'n drie-eenheid; 'n mag van drie-eenheid, 'n kroon van drie-eenheid, 'n perd (wat ry) van drie-eenheid; dis van ampte, weereens 'n vier, sien, weereens 'n vier. Goed.

208 Drie stadiums van sy bediening, maak hom een persoon, Satan geïnkarneer. Drie stadiums van die mini-... antichris, valse profeet, en dier. Hulle drie, wat tipeer, sien. Nou daar is drie tipes, nou, wat hom daar maak.

209 God, God maak Homself ook bekend, in water, Bloed, Gees; maak 'n Christen 'n seun van God, deur die Woord van God. Sien? En *hierdie* drie kragte maak hom 'n duiwel. Sien? O, Hierdie hier, is water, Bloed, en Gees, wat van God is. En *daardie* is politiek, godsdiens, en duiwelse magte, saam vermeng, wat hom die duiwel maak.

210 Christus se eerste Koms, 'n sterfling. Hy kom drie keer. Christus is in drie. Sien? (Kyk hoe hy kom; hy's die vier.) Kyk na Christus. Eerste Koms, Hy kom as 'n sterfling, om te bloei en te sterf. Is dit reg? Dis Sy eerste koms. Die tweede Koms is die Wegrapping; ons ontmoet Hom in die lug, onsterflik. Sy derde koms is Hy die geïnkarneerde God. Amen! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] God, Immánuel, om op die aarde te heers! Dis reg, net drie.

211 Vierde stadium van die ruiter, let op. Die vierde stadium van hierdie ruiter word die Dood genoem. *Dood* beteken “Ewige skeiding van God.” Dis wat dood beteken, om Ewiglik van God geskei te wees.

212 Nou, as ons hierdie kêrel geplaas het, klas, as ons deur die Bybel gewys het, wie daardie kêrel is; en ons het selfs die heuwels geneem, die plek en oral, net presies in detail, regdeur. En nou word hy, deur die arend, genoem: “Dood.” Dis wat Hy hom noem. Onthou, hier, sien, is dood Ewige skeiding.

213 Onthou, heiliges gaan nie dood nie. Hulle slaap, sterf nie. “Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe.” Dis reg. “Sal nie in die oordeel kom nie; het uitgegaan uit die dood in die Lewe. Ek is die Opstanding en die Lewe,” het Jesus gesê. “Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie.” Lásarus, dood? “Hy slaap.”

214 “Vrees nie, die dogter is nie dood nie, maar slaap.” Hulle het Hom uitgelag. Is dit reg? O, goeiste! Sien, heiliges sterf nie.

215 Skeiding van God is die dood, Ewige dood. En hierdie kêrel word “Dood” genoem, so bly weg van hom af. Wat is hy? 'n Georganiseerde, organisatoriese stelsel; die eerste, nommer een, kerk, georganiseerd, en toe hy die—die verstandhouding van Konstantyn aangeneem het, by die Nicaea Raad.

216 Ons het daardie vroue gebring, gisteraand, en gewys hoedat Eva, die eerste bruid, voor haar man ooit by haar gekom het, het sy geval, deur God se Woord in Eden in twyfel te trek. Die geestelike bruid wat op Dag van Pinkster vir Christus gebore is, voor Hy by haar kon kom, wat het gebeur? Sy het geval, by Rome.

Wat? Het haar deugszaamheid van die Woord verbeur, vir dogma. Amen. O, goeiste!

217 Ek—ek—ek voel weer stimulasie oor my kom, ja, meneer, by die gedagte daaraan. . . Ek bedoel nie om mal op te tree nie. Ek bedoel dit nie. Maar ek moet net. . . Julle besef nie wat dit aan my doen nie. Ek sit nou al vier dae lank hierin. Net. . . en dis net dat ek iets moet sê, my soort van weer mens laat voel. Julle weet wat ek bedoel. Ja. Goed. Begin so praat, en jy sien visioene oral in die plek verskyn. Dis reg. Sien, dis waarom ek iets sê om myself weer terug te kry, en weer terug te skud. Sien?

218 Het julle al ooit na my opgelet as ek 'n onderskeidingsry het? Ek sal iets sê, sal mense laat lag; dan sal ek iets sê, mense laat huil; dan sal ek iets sê, hulle kwaad maak. Ek het iets in die oog. En ek sal iets sê, om te sien hoe dit opgeneem word, dan sien ek watter soort lig oor hulle is, wat plaasvind. Dan weet ek wat die geval is, en ek weet of Dit roep of nie. As dit nie is nie. . . Sit daar, 'n opregte gelowige, nou goed. Jy roep hulle, dan, sê: “Jy, *So-enso*.” Sien.

219 En wanneer jy neerkom, die Gees begin salf, begin dan daardie geflits oral sien kom, sien, so, oral, oral in die vertrek. So, dis waarom ek iets sê, soort van weer agter begin, weer opnuut begin, sien.

220 Van verlede Sondag af al, sit ek net daar in 'n kamer, bid net, dis al, en onder die salwing. En ek weet Dit is reg. Julle glo God, ek weet julle doen dit, kyk julle maar net teen die einde van die week. Uh-huh. Sien? Sien? Goed. Sien?

221 Nou, dood beteken Ewige skeiding van God. En onthou, nou, heiliges sterf nie.

222 Onthou, sy bruid is 'n vaal perd gegee, die. . . Ek bedoel, hierdie ruiters is 'n vaal perd gegee, om—om mee uit te gaan. Hy is hierdie—hierdie vaal perd gegee, om mee uit te gaan. En hy het op hierdie vaal perd, van die dood, gery. Nou ons weet wat dit was. Ons weet watter kerk dit was.

223 En onthou, in gisteraand, was sy nie net 'n “hoer” nie, sy was die “moeder van die hoere.”

224 En ons vind uit, dat wat haar 'n hoer gemaak het, was, 'n vrou wat daardie soort vrou is. Ek is net. . . Dis 'n plat woord, om in 'n gemengde gehoor te sê. Maar die Bybel sê dit, julle sien. So, dan, ons besef dat dit 'n—dit 'n vrou is wat ontrou aan haar huweliksbeloftes lewe. En julle sien, sy is veronderstel om te wees, sê self, noem haarself: “Die Koningin van die Hemel.” (Dit sou die Bruid van God wees. God is Christus.) En ons vind sy pleeg hoerery, en sy laat die konings van die aarde hoerery pleeg, en al die ryk manne, en vername manne. Die hele aarde het agter haar aangeloop. Sien?

225 En dan vind ons uit dat sy 'n paar dogters voortgebring het, en hulle was ontugtiges. Wat is 'n ontugtige anders as 'n hoer, dieselfde ding; 'n hoereerder, hoerery, boosheid, egbreek, gepleeg. Wat het hulle gedoen? Het georganiseer, 'n stelsel gekry, die mensgemaakte stelsels geleer, Pinkster en die hele lot!

226 Nou, moenie dat julle—julle gewete onder in julle sak gaan lê nie, Pinksters. Laat ek julle iets vertel. Kom ons kyk die ding reg in die oë. Ons is nou al te ver af in die pad, om doekies om te draai. Kyk hierna.

227 Ons lewe in die Laodicése Kerkeeu. En dit was die belaglikste kerkeeu van hulle almal, 'n louwarm, en die enigste een waar Christus aan die buitekant was, weer probeer inkom het. En dis die Pinksterboodskap wat uitgegaan het, gesê het: “Ek is ryk!” Man, julle was arm, vroeër. Nou het julle regtig ryk geword, sien. “Het behoefte aan niks!” En—en, o, wat was julle nie!

228 Hy het gesê: “Julle is naak, beklaenswaardig, blind, arm, ellendig, en weet dit nie eens nie.”

229 Nou, as 'n man naak was, daarbuite op straat, en dit gewees het, wel, sou hy homself probeer help het. Maar as hy—as hy dit nie weet nie, en jy kan hom nie anders oortuig nie, dan is hy in 'n slegte toestand. Mag God hom genadig wees. Reg. Let op. O, goeiste!

230 Nou, onthou, hierdie antichris, self, synde die man; sy bruid, wat sy kerk is: “was 'n geleentheid gegee om haar te bekeer, en sy het dit nie gedoen nie,” in daardie kerkeeu, van Thiatire. Onthou julle dit? Kan julle . . .

231 Wel, kom ons gaan net 'n oomblik terug. Dit sal ons nie kwaad doen om net 'n oomblik terug te gaan nie. Kom ons blaaier terug, vir die 2de hoofstuk, net vir 'n oomblik. Ons sal dit net lees, 2de hoofstuk van . . . nou, Thiatire. Nou kyk nou net gou hierna. Goeiste, ons is byna afsluitingstyd, en het nog nie aan die gang gekom nie. Maar, let op, Thiatire. Nou, dit begin by die 18de vers van die—van die 2de hoofstuk.

. . . skryf aan die engel (dis die boodskapper) van die gemeente in Thiatire; Dit sê die Seun van God, wat oë het soos 'n vuurvlamme . . . en sy voete is soos blink koper;

Ek ken jou werke en jou liefde, en jou diens, en jou geloof, . . . jou lydszaamheid, en die werke; en jy moet meer wees as die . . . en die laaste meer is as die eerste.

Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou, Isébel, toelaat . . .

232 Daar het jy dit. Julle ken haar, in die Bybel. Sy was Agab se vrou. En hier is die vrou, kerk, Isébel, die vrou van die valse profeet, wat veronderstel is om die opregte profeet van God te wees, die pous; reg, die opregte profeet en sy vrou, Isébel. Nou,

Agab was veronderstel om 'n opregte Jood te wees, maar hy was 'n skurk, dit weet julle, want sy vrou het hom net na enige kant toe gelei wat hy wou. Ons vind uit, Isébel vat haar geld en lei hulle ook soos hulle wil.

. . .wat haarself 'n profetes noem, (begryp julle?), toelaat om te leer en . . .my diensknegte te verlei (sien, daardie Isébel lering het net deur die land getrek) om te hoereer en . . .afgodsoffers te eet.

. . .Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer; (sien?) en sy het haar nie bekeer nie.

233 Kyk na hierdie volgende vers.

. . .Ek werp haar neer op 'n siekbed, (dis die hel), en dié wat met haar owerspel bedryf, tot groot verdrukkings, . . . (Dit gaan in die groot Verdrukking in. Nou nie die Kerk nie.) . . .as hulle hulle nie van hulle werke bekeer nie.

234 Hou nou hier dop.

. . .haar kinders (haar hoere) sal Ek sekerlik doodmaak (geestelik dood); . . .

235 Glo julle dit? [Die gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dis die Woord. “Ek sal hulle sekerlik doodmaak.” En as hulle doodgemaak is, is hulle Ewiglik geskei. Goed. Onthou, Hy het haar 'n tyd gegee om te bekeer.

236 Thiatire Eeu was die donkereeu. Die donker-perd ruiters het in daardie tyd gery, toe daar vir al die misse en alles, en die gebede, en—en die novene, ensovoorts, betaal moes word. Nou kyk na sy swart perd, toe, nadat hy verseg het om hom in Thiatire te bekeer, (wat?) toe verander hy sy ryery van 'n swart perd na 'n vale, die dood, vir sy laaste bediening.

237 Nou, miskien skok ek die individu 'n bietjie hier. Om God te weier, om God se oproep te weier, op 'n keer sal jy dit vir die laaste maal doen. En, net soos daardie kerk gedoen het, is dit verby. God, geduld, sal nie altyd met die mens streef nie. Sien?

238 En toe sy Dit geweier het, en geweier het om Dit te aanvaar, toe het sy verander en gegaan. . . En nou het sy 'n naam, genoem “Dood,” skeiding. God het gesê: “Ek sal selfs haar kinders, die Protestante neem, en elkeen van hulle sal Ek met Ewige skeiding doodmaak.” Daar het jy dit, Thiatire-eeu, die donkereeu. Sy donker perd verander nou in die dood, vir sy laaste bediening.

239 Sien julle hoe die kerkeue inenskakel met die Seëls? Net perfek. En ons weet Dit is reg. Die Heilige Gees maak geen fout nie. Hy het ons 'n groot bevestiging gegee, die vorige keer, toe ons hierdie kerkeue destyds afgehandel het, julle weet.

240 Sien julle die liefdevolle, lydsaamheid van God! Voordat Hy 'n oordeel oor haar gefel het, het Hy vir haar 'n plek gegee om

haar te bekeer. En dis in die Naam van die Here dat ek dit sê: Hy het vir die Protestantse kerk dieselfde ding gegee, en sy wil dit nie doen nie. Die Boodschap het oral geskud, en sy wil dit nie doen nie. Sy gaan haar eie dogmas en geloofsbelofdenisse hê, ek gee nie om hoeveel jy Dit verduidelik nie.

241 Soos ek nou die dag daar in Chicago gesê het, voor meer predikers as wat hier mense sit! En daar het hulle my vasgepen gehad, oor die Lering, die slang se saad en al hierdie ander goed. Ek het gesê: “Laat enigiemand sy Bybel neem, en dan hier by my kom staan.” En niemand het enigiets gesê nie.

242 Tommy Hicks het gesê: “Ek—ek het Dit nog nooit tevore so gehoor nie, Broer Branham. Ek wil driehonderd van daardie bande hê. Ek gaan hulle aan al my predikers stuur.”

243 Daar was omtrent vyftig, of vyf-en-sewentig, wat gesê het: “Ek kom soontoe om oor gedoop te word.” Het hulle gekom? Nie een van hulle nie. Waarom? Hy het hulle tyd gegee om te bekeer! En Hy sal julle kinders in die dood, geestelike dood, werp.

244 Ons sal môre-aand daarby uitkom, as die Here wil, of Saterdag, oor daardie Plae wat voorkom. Julle moet kyk wat daar plaasvind.

245 Soos Hy vir Egipte gegee het, Hy het Egipte plek gegee om te bekeer. En wat was daardie laaste plaag? Was die dood.

246 Dis die laaste plaag wat die Pinksterkerk getref het, is geestelike dood. Sy is dood. Dis in die Naam van die Here. Sy is geestelik dood. Hy het haar 'n plek gegee om te bekeer, en sy het Dit verwerp. Nou is sy dood. Sy sal nooit weer opstaan nie.

247 En daardie mense daarbuite, wat Anglikaanse en priesters, ensovoorts, probeer inbring, en hulle “Heilige Vader *So-en-so*, noem.” Wel, hulle behoort hulle te skaam. Hoe blind kan 'n mens wees! Sê Jesus nie? Toe daardie slapende maagd Olie kom koop het, het sy Dit nie gekry nie!

248 Almal, jy hoor mense sê: “Ek het die Heilige Gees. Ek het in tale gepraat.” Maar hulle wil nie by 'n kerk soos dié langs kom nie. “O, jy weet, ek glo nie ek wil by 'n plek soos dit langs gaan nie.” En dan sê jy het die Heilige Gees?

249 Maar jy wil jou waardige maniere hê. Jy wil in Babilon bly en steeds die seëninge van die Hemel geniet. Jy moet jou keuse maak. Jy kan nie daarbuite in die wêreld bly en God terselfdertyd dien nie. Jesus het gesê jy kan nie God en mammon dien nie. So as jy nie sal verwag. . .

250 As jy waarlik gered is, sal jy dienste geniet waar die Heilige Gees Homself bevestig en wys dat die Woord van God waar is.

251 Iemand het gesê: “Die mense maak te veel geraas. Dit maak my senuweeagtig.” Jy sal senuweeagtig wees as jy in die Hemel sou kom. En dink net, as hulle almal daar is, dan wat daarvan? O, goeie! Hoe wil die Here nie hê. . .

252 Hy is lankmoedig, soos Hy was in die dae van Noag. Hy het hard probeer. Hy was lankmoedig, vir honderd-en-twintig jaar, om hulle hulle te laat bekeer. Hulle wou dit nie doen nie.

253 In die dae van Egipte, het Hy plaes en alles gestuur. Hulle wou dit nie doen nie.

Hy het vir Johannes gestuur. Hulle wou nie terugkeer nie.

254 Hy het vir Jesus gestuur, om te sterf, om die hele groep te red, wat wou luister na die Woord.

255 En nou, in die laaste dae, het Hy weer belowe dat Hy 'n Boodskap sou stuur om Haar uit te roep, en die oorspronklike Geloof Daarna terug te bring, terug na die Woord. En hulle wil Dit nie ontvang nie. Hulle is so dogmaties, in hulle dogmas en geloofsbelydensisse, dat hulle Dit nie wil hê nie. O, hulle dink as hulle 'n . . . gehad het, as 'n Engel neergedaal het; maar God doen nie dit nie.

256 Hy vat iets onkundig en dom, iets wat skaars jou ABC's of—of enigiets ken. En dan vat Hy daardie tipe persoon, want Hy kan iets vat wat niks is nie, en dan daardeur werk. Solank iets dink hulle is iets, dan kan hulle niks daarmee doen nie. Hy het dit altyd gedoen. Jy moet niks word, om iemand by God te word. O, goeiste!

257 Let op, tog: “Hy het haar 'n ruimte gegee om te bekeer, maar sy het dit nie gedoen nie.”

258 Hy het dit weer gedoen; sy wil dit nie doen nie. Haar verwerping, op 'n manier, maak haar, of, haar verwerping baan die perfekte weg vir Satan om in haar in te kom en beliggaam te word. Dis reg. Beliggaam homself reg in haar, want sy het die Woord verwerp. En dis presies dieselfde ding wat die Protestantse kerk word, 'n hoer, dis omdat sy die bevestigde Waarheid van die Woord van God verwerp, en dit gee die duiwel 'n kans om reg in te kom en homself te beliggaam. En hy sal 'n beeld vir die dier maak wanneer hulle saam gekonsolideer het, nou daar, en presies gaan soos wat Hy gesê het. Dis reg. Amen.

259 As ek geleerd was, sou ek Dit kon uitbring. Ek het geen geleerdheid nie. Ek verwag net die Heilige Gees sal Dit aan julle openbaar. En Hy sal, aan hulle wat . . . Dis reg. Hy sal dit doen. Ja. Let op.

260 Kyk hoe, wat sy hier gedoen het. Sy het God se Boodskap vir haar om haar te bekeer, verwerp. Sy het begin, 'n antichris, en dis wat sy was. Sy het geword, 'n valse profeet, 'n geïnkarneerde duiwel, en, toe sy het, met haar valse leer. Dan, te midde van dit alles, gee God haar 'n kans om te bekeer, probeer om haar te wen.

261 Sien julle hoe lankmoedig? Watter wonderlike liefde! Daar's geen liefde soos dit nie! Kyk na hulle, wat selfs in Sy gesig gespuug het en goed, Hy het hulle vergewe. Dis God, sien. Moenie. . .

262 Verwerp God se Boodskap! Kyk, sy is gevra om haar te bekeer, terug te gaan na waarvandaan sy geval het.

263 En waarvandaan het sy geval? Die Woord. Reg. Waarvandaan het Eva geval? [Gemeente sê: “Die Woord.”—Red.] Woord! Waarvandaan het die denominasie geval? [“Die Woord.”] Daar het jy dit. Sien? Geen ander manier nie. Maar net, elke keer, kom dit reg op die Woord terug, reg op die Woord terug. Sien? En hulle beland in ’n stelsel wat hulle daar weg van die Woord af voer, voer hulle weg van die Woord af, in plaas van na die Woord toe. Let op.

264 Kyk, sy was ’n kans gegee om te bekeer, terug te gaan. *Bekeer* beteken “teruggaan, terugdraai, omkeer.” *Bekeer*: “gaan terug.” En sy was ’n kans gegee om terug te gaan na waar daardie . . .

265 Nou onthou, sy was die oorspronklike, Pinksterkerk waarop die Heilige Gees uitgestort is, op die Dag van Pinkster. Hoeveel Bybelstudente weet dit? Sekerlik, sy was. Sien waarvandaan sy gegaan het? Sy het van die Woord af weggeval, en het dogmas aangeneem. Sy verwag . . . In plaas van die Heilige Gees, wou sy ’n heilige man hê: “Dokter LL., Ph., Q.U.” en het hom toe ’n pous gemaak. Sien? Sekerlik. Maar, sy, dis wat sy wou hê, iemand om haar bidwerk te doen. Iemand . . . Sy betaal net haar geld uit, en dis al wat sy hoef te gedoen het. Sien?

266 Nou, dis vandag dieselfde ding. Net solank hulle ’n kerkbank het om in te sit, swaar betaal in die kollekte-bord, is dit goed genoeg. Hulle is ’n lid van daardie kerk. Moet hulle niks anders Daaroor vertel nie; hulle wil nie weet nie. Dis haar dogters.

267 Nou, waarvandaan het sy geval? Van die oorspronklike Woord van die apostoliese apostels en profete. Dis waarvandaan sy weggeval het. Dis waarvandaan die Protestant weggeval het.

268 Bekeer! Gaan terug! Draai terug voor dit te laat is. Dit nie alreeds te laat is nie. Een van die dae sal daardie Lam Sy plek verlaat, en dan is dit alles verby. So word haar dogters nou gevra, voor hulle saam met haar geoordeel word, om “terug te keer.”

269 Nou, die laaste Boodskap wat hulle kry, is wanneer hierdie profeet waarvan ek gepraat het. Wat, ek het baie boeke daaroor gelees. En ek weet dat regte, goeie, verstandige, geestelikdenkende manne weet dat dit kom. Hulle weet dit. Hulle weet dit kom, sien. Hulle . . . Maar die probleem daarmee is, hulle hou aan sê: “Ons het dit nodig. Dit gaan gebeur.” En wanneer Dit kom, dat hulle so nederig sal wees; hulle sal Dit waarskynlik mis, net soos hulle die ander keer het. Dis reg. Mense sal Daaroor skryf, en alles, sê: “O, ja, dit moet wees.” En laat Dit dan reg voor hulle gewys word, en hulle gaan net bloot voort, sien. So, hulle het dit nog altyd gedoen.

270 Kyk nou, die oorspronklike Woord. Hulle re- . . . hulle . . . Sy moet nog bekeer, om terug te gaan, so is haar dogters gevra. Om gedwing te word . . . hulle sal geoordeel word, en in dieselfde bed gewerp word en saam met haar doodgemaak word. Hulle

is gevra om terug te keer na die oorspronklike Woord, terug te gaan na die apostoliese Leerstelling. Maar, hulle is so vasgevang in hulle geloofsbelydenisse en dinge, hulle wil dit nie doen nie. Hulle bespot Dit net.

²⁷¹ Wat doen hulle dan? Hulle vorm uiteindelik saam in die beeld van die dier, 'n ander mag; let op, en tree teenoor die Lam se Bruid op, soos sy in Openbaring 13:14 gedoen het. Dis wat hulle doen, net vervolg, net dieselfde ding. Die kerke spot net so met die ware Bruid van Christus, as wat Rome nog altyd gedoen het. Net presies. Ja, meneer. Tree teenoor die—die ware Lam se Bruid op presies net soos sy in Openbaring 13:14 gedoen het.

²⁷² Nou let op. Ons sien, deur God se Woord van belofte, Hy sal—Hy sal haar kinders laat sterf, die denominasies, haar dogters, met geestelike dood. Nou, dis Openbaring 2:22. Moet dit nie vergeet nie. Om te laat sterf, is om dood te maak. En *dood* is “Ewige skeiding van die Teenwoordigheid van God.” Dink daaraan, vriende. Dink daaraan. Moenie op enige mensgemaakte geloofsbelydenisse vertrou nie. Enigiets wat teenstrydig is met die Woord, julle moet daarvan wegby.

²⁷³ Nou kyk, kyk hier in die Bybel. Daar is gesê sy naam was Hel, en . . . ek bedoel:

. . . sy naam is die Dood, en die doderyk het hom agter volg.

²⁷⁴ Nou, die doderyk volg altyd die dood, in die natuurlike. Wanneer die natuurlike mens sterf, volg die hel hom; dis die graf, hades, sien, dit is in die natuurlike. Maar in die geestelike, is dit die Poel van Vuur, sien, goed, tot Ewige skeiding, waar hulle uitgebrand word.

²⁷⁵ En—en Maleági 4 het gesê: “Laat vir hulle nie eens 'n stoppel, of tak, of niks anders oor nie.” Dis die manier wat die wêreld het om homself weer te reinig, vir die Millennium. Sien?

²⁷⁶ Het julle opgelet, die ruiter is 'n “hy”? En “hy” het in “sy” hand gehad; “man,” valse profeet. Maar sy bruid word die kerk genoem: “sy;” Isébel. Agab; Isébel. Wel, dis net so perfek soos kan kom. Sien? Sien?

²⁷⁷ *Dogters* is ook “sy;” maar ontvang nooit een-man-hoofskap nie; Protestante, daarteen, maar steeds hoere in beginsel, vanweë hulle leerstelling, denominasie, stelsels. Dis net . . . Dis wat dit sê.

²⁷⁸ Let op. Waarheen lei dit alles? Nou, ons het hier net omtrent twaalf, veertien minute, skat ek. Kyk waarheen dit alles lei. Wat is dit? Dit gaan reguit terug na hoe dit was, en in die Hemel begin het. Dit stuur af op die endtyd-stryd.

²⁷⁹ Die eerste ding, in die Hemel, was 'n stryd. Lucifer is uitgeskop, en het na die aarde toe gekom. Toe het hy Eden besoedel; daarna was hy steeds aan die besoedel. En nou, vanaf

die stryd in die Hemel, stuur dit af op die stryd op aarde; en dit moet beëindig word teen, op aarde, teen die endtyd, in 'n stryd genaamd Armageddon. Nou, enigiemand weet dit. Die stryd het in die Hemel begin, heilig, en toe het hulle hom uitgeskop. Michael en Sy Engele het hom omvergegooi, is weggejaag. En toe hulle het, het reg in Eden neergeval, en het hier die stryd hieronder begin. Ontmoet . . .

²⁸⁰ God het Sy kinders heel verskans gehad deur Sy Woord. En Eva het haar nek uitgesteek, gesê: “Ek dink jy’s miskien reg.” En daar was dit aan die gang. En dis nog altyd, sedertdien. Toe het God neergedaal, en nou moet Hy . . . Hy het neergedaal om hulle te verlos wat sou afkom.

²⁸¹ Soos ek gesê het, God is soos 'n groot kontrakteur. Hy plaas al Sy materiaal op die aarde, en dan bou Hy Sy geboue. Nou onthou, voor daar 'n korrel—korrel saad op die aarde was, voor daar 'n son was wat ooit die aarde getref het, het jou liggaam op die aarde gelê, want jy is die stof van die aarde. Sien? Jy is. God is die Kontrakteur.

²⁸² Nou, hoe Hy dit wou doen, was om af te reik en (soos Hy met Adam gedoen het) 'n klein bietjie kalsium, kalium, en kosmiese lig te kry, en: “Whew!” Sê: “Daar is My ander seun.” Sien? Dan sou Hy nog 'n bietjie naderbring, en: “Whew!” “Daar’s nog een.”

²⁸³ Maar wat het Eva gedoen? Sy het daardie weg besoedel. En sý het dit gebring, deur 'n seksuele daad, toe het die dood dit getref.

²⁸⁴ Nou wat doen God? Hy het soveel van daardie saad daaronder heen, wat voorbestemd is; soveel, die uitverkorens. En dan, met die endtyd, sal Hy nie sê: “Eva, kom baar nog 'n kind,” nie. Hy sal (“Whew!”) roep, en ek sal antwoord. Dis al. Dis wat dit is. Dis die idee. Wanneer daardie laaste een ingebring is, is dit afgehandel.

²⁸⁵ Nou, die stryd het in die Hemel begin. Dit sal op die aarde beëindig word, in die vorm van Armageddon.

²⁸⁶ Nou laat ons kyk en dit sien ontvou. En miskien kan ons dit ontvou. Die Here help ons nou om dit nou te doen. Kyk hoe dit ontvou.

²⁸⁷ Die geheimsinnige ruiter, kyk wat doen hy nou; “teengestaan,” het verseg om te bekeer en terug te gaan na die oorspronklike Bloed Woord. Die Woord het Bloed en vlees geword. Sien? Hy het verseg om Daarnatoe terug te gaan. Is antichris! Die ware Woord Bruid, is teen- . . . hy staan die ware Woord Bruid teen. Neem sy eie bruid! Hy staan ook hierdie ware Bruid teen. En hy neem sy eie bruid, en bring haar na hom toe, in 'n vorm van godsdiens genaamd geloofs-belydenisse en dogmas. Sien? En nou, deur die heilige Bruid te sien, is hy teen Haar. Maar hy vorm sy eie bruid, genaamd antichris, deur 'n antichris-lering, wat teenstrydig is met Christus. Sien julle hoe slu hy is? En nou, in plaas van 'n eenheid van liefde te hê, wat beheer,

aanbidding onder Bloed, het hy 'n denominasie. In plaas van die Woord te hê, het hy geloofsbelydenisse, dogmas, ensovoorts, geneem.

²⁸⁸ Soos, en die Protestant sê: “Die Apostoliese Geloofsbelydenis.” Ek wil hê julle moet 'n woord daarvan in die Bybel kry. Apostel, daar is geen Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel nie.

²⁸⁹ Soos ek hier gesê het, nou, nie lank gelede nie, of iewers. As die apostels 'n geloofsbelydenis gehad het, is dit Handeling 2:38. Net presies al wat ek weet hy ooit gehad het. Dis wat hulle almal gevra het om te doen. Wanneer hy een van hulle gekry het wat gelyk het of hulle Christene is, het hy gesê: “Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?”

Het gesê: “Ons weet nie of daar is . . .”

Gesê: “Hoe is julle dan gedoop?”

²⁹⁰ Nou, om gedoop te word in die Jesus' Naam, of, liever, in die Naam van ons Here Jesus Christus, dis, dis in orde, maar dis nog nie die hele ding nie. Nee, meneer. Jy kon vyftig maal so gedoop word, en dit sou niks goed doen, tensy daardie hart verander is deur die Heilige Gees nie. Dit moes alles saamgaan. Let op, dis—dis Christus!

²⁹¹ Die antichris weier die ware Bruid Leerstelling, en daarom neem hy nou sy eie bruid en bou haar op, onder 'n geloofsbelydenis van sy eie. Neem sy eie bruid en maak haar 'n denominasie! Sy gee geboorte aan ander denominasies, soos aangehaal in hierdie Heilige Skrifte; gee geboorte aan dogters. En sy maak nie . . . Sy word net soos haar ma, natuurlik, wêrelds, denominasioneel; staan die geestelike Bruid, die Woord, teen.

²⁹² Hulle sê nie hulle behoort nie aan die kerk nie. Praat met 'n denominasionele persoon. “Sekerlik, ek behoort aan die kerk.” Is jy 'n Christen? “Ek behoort aan die kerk!” Dit het niks Daarmee te doen nie! Hulle sê . . . Jy behoort nie aan die Ke- . . . Jy, jy mag dalk behoort aan wat 'n kerk genoem word, sien, aan 'n kerk behoort. Dis nie 'n Kerk nie. Hulle is nie Kerke nie. Hulle is losies waar mense saamkom, en mense soos “voëls van eenderse vere.”

²⁹³ Maar julle is net een Kerk, en dis die mistieke Liggaam van Christus. En jy sluit nie Daarby aan nie. Jy word Daarin gebore.

²⁹⁴ Soos ek altyd gesê het, ek is al drie-en-vyftig jaar by die Branham-familie, en het nooit daarby aangesluit nie. Ek is daarin gebore. Sien?

²⁹⁵ Nou let op. Dit word net pragtig getipeer. Ek—ek het 'n . . . die Skrif hier neergeskryf, maar ek . . . ons het nie tyd om daarby uit te kom nie; soos Esau en Jakob.

²⁹⁶ Nou, Esau was 'n godsdienstige man. Hy het nie daarop aanspraak gemaak om 'n ongelowige te wees nie. Hy het in dieselfde God as Jakob geglo, dieselfde God as sy pa. Maar hy

was net 'n skelm, of verskoon die uitdrukking, net . . . Hy was net sleg. Hy—Hy was, nou, wat moreel betref, was hy eintlik 'n—'n man wat meer moreel opgetree het as Jakob. Maar, julle sien, hy het nie gedink . . . “O, wat het daardie geboortereg Daarmee te doen?” En hy het sy geboortereg aan Jakob verkoop. Sien?

²⁹⁷ Maar, Jakob, hy het nie groot dinge gehad, en soos Esau nie. Hy het nie die erfenis gehad wat hý gehad het nie. Maar daar was een ding wat Jakob wou hê, was daardie geboortereg. Hy het nie omgee hoe hy dit moes kry nie; hy sou dit kry. En God het vir hom respek gehad.

²⁹⁸ En, dan, is dit dieselfde ding vandag, met die natuurlike mens, vleeslike gemoed, wêreldgesind. “Wel, ek behoort aan die staatskerk. Ek behoort aan *hierdie* kerk. Ek behoort aan *dat*.” Dit het niks Daarmee te doen nie, niks.

²⁹⁹ Kyk, maak hulle nou bymekaar, op sy gemengde-kleur perd. Hy maak hulle bymekaar, op sy gemengde-kleur perd, want hy het politieke mag.

³⁰⁰ Julle glo nie hy het nie? Hoe het hierdie President so pas ingekom? Hoe het dit ooit deurgeglim? Uh-huh! Hiernatoe gekom vir godsdiensvryheid; en julle klomp demokrate wat julle geboorteregte sal uitverkoop vir politiek! Ek het nie . . . Demokratiese party is in orde; hulle is albei verrot. Ek praat van die Christendom. Maar julle verkoop julle geboorteregte, op 'n demokraatkaartjie, om so-iets in te stem. Skaam julle!

³⁰¹ Besef julle nie dat hierdie nasie, presies, op die patroon van Israel is nie? Wat het Israel gedoen? Sy het na 'n vreemde land toe oorgekom, en het die bewoners uitgevat en hulle doodgemaak, en het ingegaan en die land in besit geneem. Dis wat ons gedoen het; die Indiane. Dis die enigste ware Amerikaner wat daar is, is ons Indiaanse vriende.

³⁰² En wat het hulle toe gedoen? Israel het 'n paar groot manne gehad. Eerste ding . . . Hulle het vir Dawid gehad, en hulle het vir Salomo gehad. Hulle het groot manne gehad. En eindelijk het hulle 'n afvallige, vir Agab daarbo gehad, wat met 'n Isébel, 'n ongelowige, getrou het.

³⁰³ Wel, dis dieselfde ding wat ons gedoen het. Ons het 'n Washington en 'n Lincoln gehad, maar kyk wat het ons nou. En die ergste daarvan is, hy is getroud en ingepekel met, en gekleur-in-die-wol van Isébel. Hy mag 'n heel goeie soort kêrel wees, maar sy gaan die besigheid bestuur. En jy sien dit sommer nou, die hele familie kom in.

³⁰⁴ Wat het die Heilige Gees vir my gesê, omtrent vyf-en-dertig jaar gelede? En al julle ou mense weet dit, van sewe dinge wat sal gebeur voor die einde. En hierdie is die laaste, voorlaaste ding, wat nou gaan kom. Alles anders het presies in die kol getref, tot die oorloë en alles anders. Sien? En nou is sy reg in die hande, 'n vrou, om die nasie te regeer. Isébel! Sien?

305 Maar, onthou, in die dae van Isébel, het iemand hulle regtig vertel watter kleur hulle is. Sien?

306 Die saamkom, op hulle gemengde-kleur perd. En, sien, hy bring hierdie ding byeen, gemeng met geloofsbelydenisse, denominasie, mensgemaakte leerstellings. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik, 'n gemengde kleur, die gemengde kleur van die dooie, vaal perd van die wêreld! Nou, dis reg. Gemengde kleure van die dooie, wêreldse vorm van die vaal perd, o, goeiste, geen heilige Bloed van die Woord hoegenaamd nie!

307 En kyk. Uit die hoek. . . "Uit die vier uithoeke van die aarde, maak hulle hulle bymekaar; bring hulle byeen by Armageddon," het die Bybel gesê. Ek probeer aan die Skrifte dink, soos ek hulle hier neergeskryf het. Ek noem hulle nie; maar net waar hulle neergeskryf is, kyk wat hulle is. "Maak hulle bymekaar, vir die groot dag van die stryd van die Here God." Kyk. Nou, op hierdie gemengde-kleur, wêreldse, vaal, siek perd, dink net daaraan; julle weet, dis 'n slegte ding. Nou kyk waar maak hy hulle bymekaar: "Uit die vier uithoeke van die aarde." Hulle kom nou bymekaar vir die konfrontasie. Die konfrontasie sal by "Armageddon" wees, volgens die Woord. Sien?

308 Op die vaal perd, ry daarop, met 'n "Dood" aangeheg, of, met 'n naam aan hom geheg: "Dood," die antichris! Luister. Antichris, eerste denominasie (dit kan nie betwis word nie); met sy Isébel, 'n prostituut van die Woord; met haar dogters, by haar, Protestante; maak hulleself nou in eenheid bymekaar!

309 Het julle die Baptiste-mense nou die dag hier oorkant hoor praat, julle weet? Huh? "O, ons sal nie by hulle aansluit nie, maar ons sal—ons sal vriendelik wees en soort van met hulle oor die weg kom. Ons sal nie by hulle kerk hoof aan te sluit nie, maar. . . ." Daar het jy dit. Daar het jy dit, net presies wat die Woord gesê het. Sien? Sien? Ou hoer, in die eerste plek, sien.

310 Nou hier is hulle, voeg hulleself saam, kom na daardie konfrontasie, na Armageddon, en ry op 'n gemengde-kleur perd; met een wit perd, een rooi perd, een swart perd. Die drie, verskillend: politieke—politieke mag, geestelike mag, beheer deur demoniese mag, wat die antichris is. Meng dit alles saam, en jy kry 'n vaal, sieklik ding, waarop hy ry. Reg. Nou let op. Kyk waarop ry hy, hierdie blekerige, grys-kleurige perd, gemeng met swart, rooi, en wit; op pad na die geveg, maak sy onderdane bymekaar uit elke nasie onder die Hemel! Het Daniël nie die droom uitgelê, en daardie ysterstreep, van Rome, in elke koninkryk sien inloop nie? Hier kom hulle bymekaar.

Sit nou net vir 'n oomblik stil vir die afsluiting, en luister mooi.

311 Hulle maak nou bymekaar om dit te doen, soos hy sy onderdane uit die vier uithoeke van die aarde af bring; op 'n bleek, sieklike, drie-kleur, gemengde perd. Selfde man!

312 Nou, in Openbaring 19, is dit nie net hy wat gereedmaak nie, maar Christus maak gereed om hom te ontmoet. Die geveg gaan vurig en hewig wees. Christus, in Openbaring 19. Christus maak Syne bymekaar, nie uit die vier uithoeke van die aarde nie, want daar gaan 'n klein oorblyfseltjie wees. Wat doen Hy? Hy maak hulle uit die vier uithoeke van die Hemel bymekaar. Ons sal hulle: “siele onder die altaar,” môre-aand kry, en julle sal sien of dit reg is, of nie. Vier uithoeke van die Hemel; op 'n spierwit perd!

313 Hy het ook 'n Naam, nie die dood nie, maar: “Die Woord van God,” Lewe. Amen. God het reg hier op Sy dy geskryf: “Die Woord van God.” Dis die enigste Lewe, want God is die enigste bron van Ewige Lewe wat daar is. Zoe! Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

314 En op Hom staan geskrywe: “Lewe,” ry op 'n wit perd; en hier is 'n man met drie verskillende magte gemeng, wat die “Dood” genoem word. Maak sy aardsgebonde afgevaardigdes bymekaar; en Christus maak Sy Hemel-gebore onderdane, heiliges, bymekaar. Hy het “Dood” op hom geskryf; Christus het “Lewe” op Hom geskryf.

315 Dié by Hom is ook op wit perde, en hulle word genoem: “Die uitverkorenes voor die grondlegging van die wêreld.” Amen! En hulle is getrou aan die Woord. Amen! Sjoel! Ek hou van daardie een. “Geroep, gekies, voor die grondlegging van die wêreld.” En dan, getrou aan die Woord, deur hulle uitverkiesing, so gestimuleer deur nuwe wyn en Olie, ry net bloot voort, op pad soontoe om hom te ontmoet. Hulle weet die Donderslae sal, binnekort, vir ons die ding tevoorskyn bring. Sien?

316 Kyk. Hoe maak hy? So, as Hy die Woord is, en Sy Naam is die Woord, dan is die Woord Lewe. Die antichris; enigiets *anti* is “teen,” so *anti* is “teen” die Christus, die Woord. So, dit moet 'n geloofsbelydenis, of 'n denominasie wees, wat teen die Woord is.

317 Wel, ek sien nie hoe julle dit gaan mis nie. As julle—julle dit verstaan, hoe sou julle dit mis? Ek weet nie hoe julle gaan nie.

318 En dis waar. *Anti* is “teen.” Is dit nie reg nie? “Neem weg van.” Dis wat hy was. Hy ry sy gemengde perd. Ons het dit net hier in die Woord van God gesien.

319 Ons het dit net daar in die sewe kerkeue gesien. Hier bring Hy dit weer reguit terug in die Seëls, maak oop en wys daardie dinge wat aangegaan het, onder die kerkeue.

320 *Anti* is “teen” die Woord. Sien julle waarom, geloofsbelydenisse, waarom ons so teen die geloofsbelydenisse en denominasies is? Omdat hulle teen die Woord is. Sien?

321 Hier sien ons Lewe en dood by die finale stryd kom. Die wit perd, van ware Lewe; die vaal perd, van gemengde geloofsbelydenis. Hulle sien die ding tot die—tot die ware konfrontasie kom.

322 Nou ek wil hier iets sê. Julle glo dit miskien nie. Maar ek het dit nageslaan, om seker te maak. Daar is net een oorspronklike kleur, en dis wit. Hoeveel weet dit? Daar is net een oorspronklike kleur. Enigiets anders, is gemeng.

323 Christus is op 'n soliede wit, onvervalste Woord, van die begin af. Amen! Amen! Elke kleur sou wit wees as een of ander chemie nie daar ingebreek het nie. Amen! Glorie! Elke kerk sou op die apostoliese Leer van die Woord van God gestaan het, en God wat Dit sou bevestig, as hy nie geloofsbelydenisse of denominasies Daarin vermeng het nie. Daar het jy dit.

O, Broer Evans, ek voel nou so goed! Ja, meneer. Ja, meneer.

324 Net een oorspronklike kleur, dis wit. Dit het nooit—dit het nooit met denominasies of geloofsbelydenisse gemeng nie. Nee, meneer.

325 En, onthou, Sy heiliges is in wit klere geklee, nie met denominasie en geloofsbelydenisse gemeng nie. Nou vind ons uit, die denominasie-belydenisse, dis hier waar jy jou gemengde kleur kry. Maar hierdie is die oorspronklike kleur wat Hy ry. Die oorspronklike kleur is op Sy mense. En hulle is in Bloed gedoop, wat daardie kledingstuk gereinig het, en dit tot daar oorkant teruggestuur het. Sien? Dis reg.

Hulle wat gemeng het, het vaal geword en gaan na die dood.

326 Dit is 'n verdraaiery, 'n verdraaiing, om kleure met wit te meng; jy verdraai die oorspronklike kleur. Is dit reg? As die oorspronklike kleur, enigste kleur, wit is, en jy meng iets daarmee, verdraai jy sy werklike bedoeling. Amen. Is dit reg?

327 En, wanneer, as Hy die wit perd is, en Hy is die Woord; dan is, om enigiets Daarmee te meng, enige soort geloofsbelydenis, een word Daaraan toe te voeg, een Woord Daarvan weg te neem, om die hele ding te verdraai. O, goeiste! Hou my by die Woord, Here!

328 Waarheid en dwaling! O, goeiste! Maak nie saak hoe goed dat dit. . . Waarheid en dwaling kan nie meng nie. Dit kan nie meng nie. Dis óf die SO SPREEK DIE HERE, óf dis verkeerd. Maak nie saak watter heilige vader dit gesê het, Sint Bonifer, of—of die aartsbiskop van Kantelberg nie; ek weet nie wie dit gesê het nie. As dit teenstrydig is met die Woord, is dit verdraaiing. Dit sal nie meng nie. Sê: “Wel, hierdie kêrel het. . .” Ek gee nie om wat hy gedoen het, hoe heilig hy is, of enige so-iets nie. *Hierdie* is die enigste direkte Waarheid wat ons het. Geen kerk, geen geloofsbelydenis, het enige Waarheid, as dit buite *Hierdie* is nie.

329 En wys vir my een wat Dit het. Net, ek wil hê julle moet vir my sê. Ek sal na 'n bladsy in die Bybel blaai, en vir julle iets wys. Sien? Noem net die een. Jy sê: “Pinkster.” O, goeiste! Ek het so pas daardie gedagte daar van iemand af opgetel. Dis waarom ek dit gesê het. Beter dit sommer dadelik uitlos, want ek het gesien dit het 'n teer plek net daar aangeraak. Ek wou nie—wou jou nie

seermaak nie, maar ek—ek wou hê jy moet weet ek het geweet waaraan jy dink. Sien?

330 Hulle wat gemeng het, (die anti) het na die dood gedraai. Hulle word die doodskleur, wanneer jy enige soort van enige ding met die oorspronklike meng.

331 Dit is soos Christus gesê het van die mosterdsaad. Tog, dis die kleinste van alle saad, maar dit sal nie met enigiets meng nie. Mosterd sal nie meng nie. Hy is egte mosterd. So as jy net soveel geloof het, hou net daaraan vas.

332 Let op. Lewe het gevolg, ruiter op wit perd, Wat die Woord, Lewe is, bevestig deur Sy opgestane heiliges wat Hy by Hom gehad het. Nou hoe gaan die geveg verloop?

333 Jesus het gesê: “Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.” Hy het gesê: “As jy in My glo, sal jy lewe, al het jy—jy ook gesterwe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie.” Weer, het Hy gesê: “Hy wat in My glo. . . Hy sal hom Ewige Lewe gee, hom opwek in die laaste dae.” Dis Sy beloofde Skrif.

334 Hier kom Satan, met al vier uithoeke van die aarde, met sy Protestante en met sy—sy Katolieke, en almal saam, marsjeer reguit op na die Slag van Armageddon. Goed.

335 En hier kom Jesus, van die Hemel af, met opgestane heiliges, bevestigde Woord.

336 Ek het gesê, as God praat, of jou stuur, is Hy. . . Hy—Hy rugsteun wat jy sê. Sien? Let op, as jy ’n ambassadeur uit die Hemel is, is die hele Hemel agter jou. En die Hemel bestaan uit die Woord. Uh-huh.

337 Let nou op, Hy het met opgestane heiliges gekom, wat bevestig dat Sy Woord waar is.

338 So Satan weet, dan, die bodemlose put is gereed vir hom. Sien? O, goeiste! Terwyl, die dood die vaal perd gery het, geloofsbelydenisse en denominasies gemeng het, en hom gevolg het, o, goeiste, na Ewige skeiding van God. Dis waarheen hy met hulle gery het, na Ewige skeiding.

Christus het met Sy Kerk reguit na Heerlikheid gery, in die opstanding.

339 Let nou op vers 8, net reg. . . die laaste deel van vers 8, terwyl ons afsluit, sien.

. . . aan hulle is mag gegee. . .

340 Wie is “hulle”? Sien? Goed. Antichris: “Dood” genoem. “Doderyk het hom gevolg.” Kyk na sy vier-punt skema.

341 Antichris, wit perd; maak dood deur die gees, as die antichris; geestelike doodmaak.

342 Nommer twee, rooi perd; maak dood deur die swaard; politieke mag, toe die kerk en die staat verenig het.

343 Swart perd; siele, wanneer hy sy leerstelling verkondig, en sy daar met haar hoerery gedoen het. En hy het hulle voedsel afgeweeg, deur 'n . . . het verkoop hulle . . . wat hulle vir kos gegee het, vir 'n weegskaal, en die pennings, ensovoorts.

344 Vierde, 'n vaal perd; Ewige skeiding van God. Weer, vier, sien. O, goeiste!

Prys God!

345 Nou, laaste, hier ter afsluiting. Aan dié . . . Het julle . . . Ek is oor die tyd, maar sal julle my nog omtrent tien minute langer gee? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek het vandag soveel oproepe gekry, oor—oor wat ek hier praat.

346 Daar het soveel fanatisme vorendag gekom, oor Elía, tot dit net . . . Dis—dis doodgeslaan. En jy kan . . . Wel, laat net . . . Mag God my net help om julle te help sien waarna ek kyk. Sal julle? Kom ons probeer maar net, sien.

347 Nou hier is, ter afsluiting, aan diegene wat nie glo dat die laaste boodskapper aan die kerkeu Elía die profeet, 'n man gesalf na daardie aard, is nie.

348 Na die dood . . . Kyk. Na die dood, van hierdie laaste kerkeu . . . Nou, let op wat gebeur het, sien. Na die dood, word hulle dooie liggame vernietig deur wilde diere. Julle weet dit. Nou, dis waar. Soos hulle s'n, het die tipe van Isébel gehad.

349 Blaai nou na Openbaring 2:18 en 20. Ek dink ons het dit net 'n paar minute gelede gehad. Het ons nie? Ja, ek dink ons het dit pas gehad. Ek het dit hier neergeskryf gehad vir 'n . . . Ja. Die tyd van morele verval, dis wat dit was. Te sien hoe dit was, hoe Isébel ingekom het. Nou, Isébel is die kerke, hierdie moderne kerk; nou nie die Bruid nie. Isébel, in die Ou Testament, is 'n tipe van die kerk vandag, volgens die Woord van God, van Openbaring 2:18, 20.

. . . *jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes genoem het, toelaat, . . .*

350 Sien? Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, dis perfek op Isébel getipeer. Nou, die eerste . . .

351 Ons sou julle net Skrif na Skrif kon gee, sien, dat die laaste eeu 'n profetiese Boodskap aan die Kerk is, wat hulle na die oorspronklike Woord toe terugroep. Nou let op. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Maleági 4 het so gesê, en andere, Openbaring 10:7, en verderaan. Sien? Jesus Self het dit voorspel, keer op keer, op keer. "Soos dit was in die dae van Lot," ensovoorts, soos dit, en so aan. Dit bly net daar voorkom.

352 Isébel is die tipe van die moderne kerk vandag, want Katoliek en Protestant is nou saamgevoeg. Daar—daarvan kan jy nie wegkom nie. Hulle is albei denominasies, so dis net—dis net moeder en suster, dis al. Hulle stry en redeneer met mekaar, maar

hulle is dieselfde ding, albei is hoere. Nou, dis nie wat ék sê nie. Ek haal aan uit SO SPREEK DIE HERE. Sien? Goed.

353 Nou let ons op, doodgemaak op 'n bevel van God, is Isébel, is doodgemaak omdat God vir Jehu soontoe laat gaan het en haar by die venster laat uitgooi het, en Isébel doodgemaak het. En die honde het haar vlees geëet, (is dit reg?) letterlike Isébel. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Agab, haar koning, hoof; honde het sy bloed gelek, soos die eerste Elía voorspel het. Julle sien waarnatoe ons gaan, dan nie?

354 Waarom? Die eerste Elía was 'n verwerpte man, deur die kerke. En Isébel en Agab was die hoof van daardie kerke, die kerk en die staat, almal saam. En Elisa het Agab se sondes aan hom geopenbaar, en het die hele kerk beveel om na die ware Woord toe terug te keer.

355 As dit nie presies is wat die tweede Elía veronderstel is om te doen, wanneer hy na hierdie kerk toe kom in hierdie dag nie: "die oorspronklike Geloof herstel"! Ek sien nie hoe jy Daarvan gaan wegkom nie. Dis reg. Draai terug na die ware Woord! Dis reg.

356 Nou as julle hulle liggame wil sien, laat ons hier na Openbaring 19 blaai, na—na die Woord hulle doodmaak. Nou, die Woord gaan hulle doodmaak. Julle weet dit. Goed. Nou kyk julle net en sien wat gebeur met Christus se Koms, in Openbaring 19, vanaf die 17de vers.

En ek het een engel sien staan in die son; . . .

357 Nou, dis net daarna, kyk hierbo: "En Sy kled was in bloed gedoop. En Hy word genoem KONING VAN DIE KONING, EN HEER VAN DIE HEER." In die 13de verse: "Hy word genoem die Woord van God." Sien? Nou, hier is Hy "KONING VAN DIE KONING, EN HEER VAN DIE HERE."

En ek het een engel sien . . .

358 Nou kyk. Hy gaan voort.

En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard, om die nasies daarmee te slaan; . . .

359 "Uit sy mond," soos uit God se mond na Moses se mond toe. Sien?

. . . en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer: en . . . trap die parskuip—kuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

En Hy het op sy kled en op sy heup 'n naam. . . gedra wat geskrywe is: KONING VAN DIE KONING, EN HEER VAN DIE HERE.

En ek het een engel sien . . .

360 Nou kyk. Nou kom Hy na vore, en verslaan. Vir wie verslaan Hy? Isébel en haar Agab, valse profeet.

En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep, en vir al die voëls van die lug gesê in die middel van die lug, Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God;

361 Hy voer hulle vir die diere en voëls. Nou kyk hier oorkant in die ander hoofstuk hier, van die Boek van Openbaring. En, net 'n oomblik: “Maak dood met 'n swaard, en dood, en diere van die aarde.” Sien? Die Isébel kerk, haar (werklike) liggaam, moet deur voëls en diere van die aarde geëet word. Net presies soos Agab en Isébel was, in die natuurlike, so sal hulle wees, in die geestelike vorm, 'n kerk. Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Goed.

362 Elía se . . . O! Elía was die profeet in die dae van Agab en Isébel, in die natuurlike. En dis belowe hy sal dieselfde doen, volgens SO SPREEK DIE HERE, in die Woord, aan die Isébel, geestelik; sy Gees-vorm van bediening.

363 Kyk. Elía, alhoewel hy, in sy dag, behoorlik en grondig bevestig is, kon hulle nie na die Woord laat terugdraai nie. Is dit reg? Alhoewel, Elía, met alles, probeer het. Hy het alles gedoen. Hy—hy het hulle tekens en wonders getoon; en hulle het in sy gesig gelag. Dieselfde ding sal hulle doen met die geestelike hier, sien. Hy kon hulle nie na die Woord toe terugdraai nie. Uit die miljoene . . .

364 Nou, kerk, luister nou mooi, julle wat 'n bietjie verward is hieroor.

365 Uit die miljoene in die wêreld, in die dae van Elía, toe Isébel en Agab regeer het, as—as tipe van die antitipe vandag; uit die hele wêreld, is daar net sewehonderd gered, van Elía se prediking. Is dit reg? Dis presies.

366 Kyk, Elía het nooit eens geweet dat selfs net één van hulle so was nie. Hy het gedink hy is die enigste een wat gered is, tot God een van die Seëls oopgemaak het en hom die verborgenheid in die Boek gewys het, dat Hy sewehonderd gehad het, wat nooit gebuig het voor daardie geloofsbelydenisse, wat hulle gehad het nie. Toe God Sy Boek vir Elía oopgemaak het, gesê het: “Nou wag 'n oomblik, seun. Ek het sewehonderd wat weggesteek is, daarrond, wie se name op die Boek was van die grondlegging van die wêreld af. Hulle is Myne.” Sjoe! God het die Seëls oopgemaak.

367 Dis waarom ek dink Johannes soveel uitgeroep het nou die aand. Hy moes sy naam Daarin gesien het, julle sien. Sien?

Eendag het God oopgemaak . . .

368 Elisa, hy het gepreek. Hy het alles gedoen, en—en—en sy hart uit gepreek. Hy het alles gedoen wat hy kon, en steeds het hulle hom net “uitgejou”, hom alles genoem, en gesê: “Jy's die oorsaak van dit alles. Jy's 'n spiritualis. Jy's die een wat al hierdie moeilikheid veroorsaak. Jy is skuldig,” en al sulke dinge. Hy het

alles vir hom gesê. Isébel het gedreig om sy kop af te sny, en alles. Dis reg. Almal was teen hom.

369 En toe het hy gesê: “Here, nadat ek dit gedoen het, alles wat U my gesê het om te doen! Ek het presies by U Woord gebly. As U vir my enigiets gesê het, was ek vreesloos. Ek het tot voor die koning geloop, en alles, en vir hulle in sy gesig gesê: ‘SO SPREEK DIE HERÉ.’ En U het vir my nie een ding gesê, en ek het vir hulle nie een ding gesê nie, of dit het gebeur. En hier is ek nou, die enigste een wat oorgebly het, uit die hele klomp. Ek is die enigste een wat oor is, en hulle probeer my doodmaak.”

370 God het gesê: “Ek gaan een van die Seëls oopmaak en vir jou iets wys.” Hy het gesê: “Jy weet, Ek het sewehonderd daaragter, wat nog nooit ’n knie gebuig het voor... aangesluit het by enige van daardie geloofsbelydensisse, denominasies nie. Daar is sewehonderd van hulle gereed vir die Wegraping, sien.” O! O! Hy het vir Sy profeet gesê, aan wie Hy Sy Woord openbaar, sien, deur die Skrif. “Ek het nog sewehonderd voorbereide name, uit hierdie geslag; sewehonderd van hulle. Hulle het nie hulle knieë gebuig voor enige” (as ek dit in hierdie dag sou sê) “godsdienstige organisasies, en in hulle belydenisse verstrengel geraak nie.”

371 Sien julle wat ek bedoel? Dan, moet dit eenvoudig so wees. Dit moet net wees. En dis volgens die Woord. Wanneer die man op die toneel verskyn, sal hy ’n profeet wees. Net so seker as wat ek in hierdie preekstoel staan. Sien? En hy sal reg by daardie Woord bly. Hy sal nie afstand doen vir enigeen se geloofsbelydens of vir niks anders nie. Dis reg. Hy sal ’n soort woudsman wees, soos Elisa was, hy... en soos Johannes gekom het. Hy sal—hy sal vroue haat, (mens!) immorele vroue! Sjoel! Mens, hy sal onder hulle inklim! Elía het, en so ook Johannes. Sien? Sien? En hy sal net reguit saam met daardie Woord wees. Hy sal—sal teen organisasies wees. Organisasie? “Moenie dink om teenoor julleself te sê: ‘Ons het Abraham as ons vader’ nie, want Ek sê God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek.” Sien? Het beslis.

372 Nou, daar het julle dit, vriende. Hier is die Vierde Seël, geopen. En die ruiters van die vier perde is geopenbaar, na die beste van my wete. Nou, dit is al wat op aarde plaasgevind het.

373 Volgende Seël, sien ons, is in die Hemel, waar daar siele onder die altaar is.

374 Nou, net ter afsluiting, wil ek hierdie paar... net ’n paar woorde sê, net hier, wat ek neergeskryf het. Ons het dit oorgeslaan, oor hierdie vier Seëls, eerste vier Seëls.

375 Nou, môre-aand, verander ons die—die toneel, van die aardse dinge wat aangaan. Hy kyk hier op en sien die siele onder die altaar, die geofferdes, altaar.

Die volgende aand, tref die oordeel.

376 En die vierde aand, of die laaste aand, Sondagaand, weet ek nie wat nie. Ek weet nie wat hierdie ander beteken nie. Ek het hulle ook net gelees, soos julle. Maar: “Daar was stilte vir ’n halfuur lank,” maar daar is iets wat plaasgevind het. Ek verwag Hy sal Dit openbaar. Hy sal dit doen. Ek is oortuig dat Hy sal.

377 Ons moes gaan, na verskillende plekke in die Skrif, na Openbaring 19, om te wys dat die Koms van Christus die antichris sal doodmaak. Dis waarom ek hierdie moes uitlaat, net daardie twee verse moes neem. Ek moes na verskillende dele van die Skrif gaan, om hierdie dinge te bewys. So dis waarom ek na Openbaring 19 toe gegaan het, om te wys die einde van die antichris, sal die doodmaak wees; deur Christus, wanneer Hy kom, sal Hy die antichris doodmaak.

378 Na Openbaring 10 toe, om te wys dat die sewende engel se Boodskap ’n persoon sal wees, in hierdie laaste dae, gesalf deur God vir ’n bediening net soos Elía die profeet het, soos in Maleági 4 voorspel word, om die ware Woord van (oorspronklike) God in hierdie geslag te openbaar, die oorspronklike Woord van God in hierdie geslag. Soos hy aan die natuurlike Isébel gedoen het, so sal hierdie man dit aan geestelike Isébel doen, die denominasionele kerke. Ek moes na die 7de hoofstuk . . . die 10de hoofstuk, 1 tot 7 verse gaan, om te bewys dat dit reg is. En daar na Maleági, en Amos, ensovoorts, om dit te bewys.

379 Elía was ’n profeet wat geprofeteer het en vir Isébel veroordeel het, in daardie spesifieke geslag.

380 En Elía het nooit gesterf nie. Hy het verseker nie. Hy het weer verskyn, sowat agthonderd jaar later, langs Jesus Christus, op die Berg van Verheerliking. Hy is nie dood nie.

381 Nou, ons vind uit dat sy Gees, volgens die belofte van God, ’n man moet salf, in die laaste dae; het beloop om dieselfde in geestelike Isébel te doen, as wat dit in natuurlike Isébel gedoen het, in die laaste eeu.

382 Dis waarom ek—ek na so baie in die Bybel gegaan het, om dit te bewys, sodat dit nie ’n vraag in julle gemoed sal laat nie. As daar is, laat weet my. Wel, skryf vir my ’n brief of ’n notatjie.

383 En dit skakel so perfek ineen, selfs tot die diere wat hulle natuurlike liggame gaan vernietig in die laaste dag, gaan hulle verteer soos hulle toe gedoen het.

384 Na die beste van my openbaring, wat aan my gegee is deur God en voorspel is dat dit gedoen sou word, is dit die Waarheid van die vier perderuiters, na die beste van my wete.

385 Wat dink julle van Jesus? [Gemeente juig—Red.]

Ek het Hom lief, Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s boom.

386 Nou onthou, met geen . . . (Dis reg; gaan voort; dis goed.) Met geen kwade gevoelens teenoor enige mense in enige organisasie nie! Want, God het kinders in die Katolieke stelsel. Hy het kinders in die Metodiste stelsel. Hy het kinders in die Baptiste stelsel. Hoeveel van hulle, al daardie verskillende stelsels, word vanaand hier verteenwoordig, wat uit hulle uitgekóm het toe julle die Lig gesien het? Laat ons julle hande sien. [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Nou, onthou, daar is mense daarbuite net soos julle. Maar dis die stelsel wat doodmaak, sien. Dis die antichris gees wat hulle uiteindelik by ’n punt kry dat hulle geen Waarheid wil hoor nie.

387 En onthou nou die aand, toe ek deur die verseëling gegaan het? As ’n man die jubelgeluid gehoor het, en hy geweier het om vrygelaat te word, is hy na ’n paal geneem en het ’n els sy oor gemerk. Die oor is waar jy hoor. “En geloof kom deur die gehoor.” Dan, as hy Dit hoor, en weier om sy vryheid te aanvaar, dan is hy . . . moet hy sy denominasionele meester dien vir die res van sy lewe. Amen.

388 O! O, goeiste! Is Hy nie wonderlik nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

Ek het Hom lief, ek . . .

Kom ons steek nou net ons hande op en aanbid Hom.

Omdat Hy my eerste liefgehad het (Glorie!)
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s boom.

389 [Broer Branham begin neurie *Ek het Hom lief*—Red.] Nou buig net jou hoof, en laat ons Hom nou aanbid soos ons dit neurie. [Broer Branham gaan voort om *Ek het Hom lief* te neurie.]

390 Here, hoe dankbaar is ons nie! Ek is so bly, Here, so gelukkig oor U en U mense. O Here, U het ons verlossing op Gólgota gekoop. Ons neem dit met blydschap aan, Here.

391 Beproof ons nou, Here, deur U Gees. En as daar enige boosheid is tussen ons, Here, enige ongeloof in die Woord, enige persone hier, Vader, wat nie elke belofte van God met ’n “amen” sal beklemtoon nie; mag die Heilige Gees nou neerdaal, die Ruiter op die wit perd, terwyl Sy Gees, Gees van Christus, in die aangesig van die antichris, en Sy Eie roep. Roep hulle uit, Here.

392 Mag hulle nou bekeer, vinnig na U toe kom en gevul word met die Olie en die wyn; en verander word van daardie denominasionele kleed van Kain se dood, na ’n spierwit kleed van Ewige Lewe, uitgegee deur die Bruidegom. En dan sal hulle eendag na die Bruilofsmaal gaan, in die bevestigde Woord van die opstanding. Skenk dit, Here. Ondersoek die harte, terwyl die mense op U wag. Deur Jesus’ Naam!

[Broer Branham begin neurie *Ek het Hom lief*—Red.]


³⁹³ Nou, ondersoek net jou hart, my broer, my suster, my vriend. Ek was 'n lang tyd by julle. Dit is omtrent drie-en-dertig jaar. Het ek ooit vir julle iets in die Naam van die Here gesê wat nie uitgekóm het nie? [Gemeente sê: “Nee.”—Red.] Soek Christus nou terwyl julle die kans het. Dit mag baie spoedig so kom dat julle dit nie kan doen nie. Sien? Hy kan die sitplek, van Sy bemiddeling, op enige tyd verlaat; dan kan jy met jou hele hart roep, jy kan trap, jy kan in tale praat, jy kan op-en-af oor die vloer hardloop, jy kan enigiets doen wat jy wil, en by elke kerk in die wêreld aansluit, daar is niks, geen bleikmiddel meer vir jou—jou sonde nie. Wat doen jy dan, waar is jy dan?

³⁹⁴ Wel, ek glo, met my hele hart, die sitplek is steeds oop. Ek glo Hy is steeds op die Troon van God. Maar binnekort gaan Hy nou opstaan, en na vore kom, om op te eis wat Hy vrygekoop het. Hy doen die werk van Bloedverwante Losser, terwyl Rut wag.

³⁹⁵ Maar binnekort, julle weet, nadat Boas die bloedverwante werk gedoen het, toe het hy sy besitting kom opeis. En dis presies wat die Bybel gesê het Hy gedoen het: “Hy het na vore gekom en die Boek geneem.” Dan is bemiddeling verby; Hy is van die Troon af; daar is nie meer Bloed op die Genadetron nie. En wat is dit dan? Oordeelstroom.

³⁹⁶ Moenie dat dit gesê word, een van hierdie dae: “Ek het gedink die Wegraping was veronderstel om te kom,” nie. En hoor die Stem terugse: “Dis in die verlede.” God help jou!

Kom ons buig nou ons hoofde.

³⁹⁷ Broer Neville, kom, vir die verdaging of wat jy ook al moet doen. God seën julle, tot môre-aand. 

DIE VIERDE SEËL AFR63-0321

(The Fourth Seal)

DIE OPENBARING VAN DIE SEWE SEËLS REEKS

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 21 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A. is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middel om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare materiaal, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org